

**FISIEKE INSTANDHOUDING EN WETSTOEPASSING:
'N IMPAKSTUDIE OP DIE SUID-AFRIKAANSE
POLISIEDIENS**

deur

CHRIS ERASMUS

Voorgelê ter vervulling van 'n deel van die vereistes vir die graad

DOCTOR PHILOSOPHIAE

in Menslike Bewegingskunde

in die

Fakulteit Geesteswetenskappe

Departement Biokinetika, Sport- en Vryetydwetenskappe

Universiteit van Pretoria

Pretoria

Promotor: Prof. P.E. Krüger

September 2003

**PHYSICAL MAINTENANCE AND LAW ENFORCEMENT:
AN IMPACT STUDY ON THE SOUTH AFRICAN
POLICE SERVICE**

by

CHRIS ERASMUS

Submitted in partial fulfilment of the requirements for the degree

DOCTOR PHILOSOPHIAE

in Human Movement Science

in the

Faculty of Humanities

Department Biokinetics, Sport and Leisure Sciences

University of Pretoria

Pretoria

Promoter: Prof. P.E. Krüger

September 2003

SINOPSIS

FISIEKE INSTANDHOUDING EN WETSTOEPASSING: 'N IMPAKSTUDIE OP DIE SUID-AFRIKAANSE POLISIEDIENS

deur

CHRIS ERASMUS

Promotor	:	Prof. P.E. Krüger
Departement	:	Biokinetika, Sport- en Vryetydwetenskappe
Universiteit	:	Universiteit van Pretoria
Graad	:	Doctor Philosophiae (Menslike Bewegingskunde)

Die moderne, gemeganiseerde lewe veroorsaak wêreldwyd dat die mens lui en onaktief word. Meganisering het die direkte gevolg dat dit die mens beweging ontnem, wat weer 'n direkte negatiewe invloed op die mens en sy liggaam het. Chroniese siektetoestande wat deur 'n onaktiewe leefwyse veroorsaak word, het onnodige sterftes tot gevolg, wat 'n baie negatiewe impak op die gemeenskap as 'n geheel het.

Die Suid-Afrikaanse Polisie (SAPD) het nie hierdie wêreldwye probleem vrygespring nie. Intendeel, die SAPD gaan tans gebuk onder abnormaal hoë sterftesyfers onder sy personeel, wat direk herlei kan word tot die beamptes se lewensgewoontes. Hierdie studie het bevind dat die gemiddelde polisiebeampte in 'n uiters swak fisieke kondisie is, en dat dit heel waarskynlik die oorsaak is van die buitengewoon hoë natuurlikesterfte-syfer sowel as selfmoordsyfer in die SAPD.

Die primêre doelstelling van hierdie studie is die regverdiging van 'n program vir fisieke instandhouding binne die SAPD. Om suksesvol te wees, moet hierdie program:

- (i) betreklik goedkoop wees en maklik bereikbare fasiliteite daarstel;
- (ii) in ooreenstemming wees met beamptes se kritieke fisieke werksvereistes;
- (iii) 'n daadwerklike bydrae lewer tot die instandhouding van beamptes se werksgeoriënteerde fiksheid;
- (iv) 'n seksie insluit wat slegs na beamptes se fisieke instandhouding omsien; en
- (v) deel uitmaak van die SAPD se beleid oor sportbeoefening.

Die resultate van hierdie studie toon die lewensnoodsaaklikheid van die onmiddellike implementering van die voorgestelde program deur die SAPD-bestuur.

Sleutel frases: fisiek onaktief; hipokinetiese siektes; funksionele kapasiteit; mediese keuring; fisieke standaarde; werksgeoriënteerde fiksheid; fisieke instandhouding.

SYNOPSIS

PHYSICAL MAINTENANCE AND LAW ENFORCEMENT: AN IMPACT STUDY ON THE SOUTH AFRICAN POLICE SERVICE

by

CHRIS ERASMUS

Promoter	:	Prof. P.E. Krüger
Department	:	Biokinetics, Sport and Leisure Sciences
University	:	University of Pretoria
Degree	:	Doctor Philosophiae (Human Movement Science)

Modern life, which is characterised by automation and mechanisation, causes laziness and inactivity in people all over the world. It in essence deprives one of movement, which negatively affects man and his body. Chronic illnesses caused by an inactive lifestyle lead to unnecessary deaths, which again impacts negatively on the community as a whole.

The South African Police Service (SAPS) has far from escaped this worldwide phenomenon. It is, in fact, experiencing an abnormally high death rate, which can be linked directly to police officers' lifestyle. This study has proven that the average police officer is in extremely poor physical condition, and that this is in all probability the cause of the unusually high natural death rate as well as the high incidence of suicide among SAPS members.

The primary objective of this study is the justification of a physical maintenance programme for law enforcement officers. For this programme to be successful, it has to:

- (i) be relatively inexpensive and provide easily accessible facilities;
- (ii) be in line with critical physical job requirements;
- (iii) contribute directly to the maintenance of job-oriented fitness;
- (iv) include a section that is solely tasked with the physical maintenance of the officers; and
- (v) form part of the SAPS's policy on sport.

The results of this study show the dire necessity of the immediate implementation by SAPS management of the suggested physical maintenance programme.

Key phrases: physically inactive; hypokinetic diseases; functional capacity; medical examination; physical standards; job-oriented fitness; physical maintenance.

DANKBETUIGING

My opregte dank aan die volgende persone:

- Professor P.E. Krüger : Vir 16 jaar van leer, luister en raad gee, sonder wie se idees, beplanning en kundige raad dié studie nie moontlik sou gewees het nie.
- My ouers, Willie en Hettie : Vir morele ondersteuning.
- Johan Roberts : Wat die studie statisties beduidend gemaak het.
- Esté Botha : Vir die taalversorging, wat 'n reusebydrae tot die leesbaarheid van die studie gemaak het.
- Direkteur Anton Grobler : Hoof: SAPD Sielkundige Dienste: Sport en Rekreasie, wat toestemming gegee het vir so 'n studie.
- Personeel:
SAPD Biokinetikasentrum : Wat my deur die jare bygestaan het met die evaluering van die SAPD-personeel.
- Suzette Naudé : Vir haar hulp met die grafika en drukwerk.

Hierdie studie word opgedra aan my vrou, Janine, en my seuns, Tristan en Troy, vir hulle tyd en opofferings, wat 'n spreekwoordelike voorbeeld daarvan is dat liefde tyd is, en nie geld nie.

LYS BYLAE

- BYLAAG A:** Organogram van die struktuur van die SAPD Nasionale Sportkantoor
- BYLAAG B:** Staande Order 203 oor die beoefening van sport in die SAPD
- BYLAAG C:** Somatogram van 'n ideale SAPD-beampte
- BYLAAG D (1) EN D (2):** Koerantuitknipsels van obese SAPD-beamptes
- BYLAAG E:** Psigiatrisiese verslag van 'n SAPD-beampte
- BYLAAG F:** SAPD Hoofkantoor-skrywe oor fisieke vereistes (massa-lengte-tabelle)
- BYLAAG G:** Fisieke en mediese vraelys wat gebruik is vir die afneem van die rou data vir die morfologiese evaluering
- BYLAAG H:** Nasionale Hoofkantoor: Sport en Rekreasie-vraelys wat gebruik is vir die empiriese evaluering
- BYLAAG I:** Somatotipes van SAPD-beamptes wat geëvalueer is
- BYLAAG J:** Voorgestelde mediese geskiedenis-vraelys
- BYLAAG K:** Voorstelling van 'n mediese vrywaringsvorm A
- BYLAAG L:** Voorstelling van 'n mediese vrywaringsvorm B
- BYLAAG M:** Voorstelling van 'n werksgeoriënteerde hindernisbaan
- BYLAAG N:** Organogram van die voorgestelde eenheid vir sport, rekreasie en fisieke instandhouding
- BYLAAG O:** Voorgestelde hernude Staande Order 203 oor die beoefening van sport in die SAPD

LYS TABELLE

TABEL 1:	Die verskillende afdelings waarin kinantropometrie verdeel kan word	11
TABEL 2:	VO₂maks en die voordele van oefening	31
TABEL 3:	Fisiologiese voordele van oefening	51
TABEL 4:	Die korttermyngevolge van stres	58
TABEL 5:	Die langtermyngevolge van stres	59
TABEL 6:	Psigologiese voordele van oefening	76
TABEL 7:	Lokusdimensie (intern/ekstern) en stabiliteitsdimensie (stabiel/onstabiel)	80
TABEL 8:	Dishman se opsomming van die faktore wat 'n rol speel in die volharding in oefening	91
TABEL 9:	Ouderdom: Mans en vrouens	126
TABEL 10:	Ouderdom: Mans	126
TABEL 11:	Ouderdom: Vrouens	126
TABEL 12:	Gemiddelde ouderdom van beamptes wat medies ongeskik verklaar is in die SAPD	127
TABEL 13:	Liggaamsmassa: Mans en vrouens	128
TABEL 14:	Liggaamsmassa: Mans	129
TABEL 15:	Liggaamsmassa: Vrouens	129
TABEL 16:	Liggaamslengte: Mans en vrouens	129

TABEL 17: Liggaamslengte: Mans	130
TABEL 18: Liggaamslengte: Vrouens	130
TABEL 19: Gesondheidsvoordele van gewigverlies	131
TABEL 20: Vetpersentasie: Mans en vrouens	131
TABEL 21: Vetpersentasie: Mans	132
TABEL 22: Vetpersentasie: Vrouens	132
TABEL 23: VO₂maks: Mans en vrouens	134
TABEL 24: VO₂maks: Mans	134
TABEL 25: VO₂maks: Vrouens	135
TABEL 26: Greepkrag: Mans en vrouens	136
TABEL 27: Greepkrag: Mans	136
TABEL 28: Greepkrag: Vrouens	137
TABEL 29: Rugkrag: Mans en vrouens	138
TABEL 30: Rugkrag: Mans	138
TABEL 31: Rugkrag: Vrouens	138
TABEL 32: Soepelheid: Mans en vrouens	139
TABEL 33: Soepelheid: Mans	140
TABEL 34: Soepelheid: Vrouens	140
TABEL 35: Bloeddruk: Mans en vrouens	141
TABEL 36: Bloeddruk: Mans	142
TABEL 37: Bloeddruk: Vrouens	142
TABEL 38: Die bloedglukose-teiken vir die mens	143
TABEL 39: Bloedglukose: Mans en vrouens	143
TABEL 40: Bloedglukose: Mans	144

TABEL 41: Bloedglukose: Vrouens	144
TABEL 42: Norme vir bloedcholesterol-vlakke vir die mens	145
TABEL 43: Bloedcholesterol: Mans en vrouens	145
TABEL 44: Bloedcholesterol: Mans	145
TABEL 45: Bloedcholesterol: Vrouens	146
TABEL 46: Aantal beamptes wat siektverlof geneem het in die SAPD	147
TABEL 47: Die medieseontslag-syfer in die SAPD	150
TABEL 48: Die syfers vir natuurlike sterftes in die SAPD	151
TABEL 49: Die sterftesyfer vir chroniese hartvatsiektes in die SAPD	152
TABEL 50: Die sterftesyfer vir tuberkulose in die SAPD	154
TABEL 51: Die sterftesyfer vir longontsteking in die SAPD	154
TABEL 52: Die sterftesyfer vir kanker in die SAPD	157
TABEL 53: Die sterftesyfer vir beroerte in die SAPD	158
TABEL 54: Die sterftesyfer vir diabetes in die SAPD	159
TABEL 55: Die sterftesyfer vir nierversaking in die SAPD	160
TABEL 56: Die sterftesyfer vir lewersirroze in die SAPD	161
TABEL 57: Die sterftesyfer vir vigs in die SAPD	163
TABEL 58: Die sterftesyfer vir virus- en bakteriële infeksies in die SAPD	164
TABEL 59: Die sterftesyfer vir onbekende oorsake in die SAPD	165
TABEL 60: Die verskillende provinsies wat aan die empiriese studie deelgeneem het	166
TABEL 61: Die verskillende areas wat aan die empiriese studie deelgeneem het	168
TABEL 62: Die aantal stasiekommissarisse en seksiehoofde wat deelgeneem het aan die empiriese studie	169

TABEL 63:	Die aantal SAPD-beamptes wat betrek is by die empiriese studie	169
TABEL 64:	Die aantal beamptes wat in die gegewe ouderdomsgroepe val wat betrek is by die empiriese studie	170
TABEL 65:	Die aantal mans en vrouens wat aan die empiriese studie deelgeneem het	171
TABEL 66:	Die rassegroepe en aantal beamptes in elke groep wat deelgeneem het aan die empiriese studie	171
TABEL 67:	Die aantal gestremdes wat aan die empiriese studie deelgeneem het	172
TABEL 68:	Die aantal beamptes wat geen vorm van fisieke aktiwiteit beoefen nie wat aan die empiriese studie deelgeneem het	173
TABEL 69:	Die aantal beamptes wat aktief aan sport deelneem wat betrek is by die empiriese studie	174
TABEL 70:	Die vlakke van deelname aan sportaktiwiteite deur beamptes wat aan die empiriese studie deelgeneem het	174
TABEL 71:	Die spansportsoorte wat beoefen word en die aantal beamptes wat daaraan deelneem	175
TABEL 72:	Die individuele sportsoorte wat beoefen word en die aantal beamptes wat daaraan deelneem	176
TABEL 73:	Die vlak waarop die beamptes hulle sportaktiwiteite beoefen	179
TABEL 74:	Die aantal beamptes wat aan polisie- en privaat klubs behoort en wat individueel deelneem	179
TABEL 75:	Die dae waarop die beamptes hulle onderskeie sportsoorte beoefen	180
TABEL 76:	Die aantal kere per week wat die beamptes hulle onderskeie sportsoorte beoefen	181
TABEL 77:	Die tydsduur van oefensessies	182
TABEL 78:	Die gemiddelde aantal dae per jaar wat beamptes sportverlof neem	182
TABEL 79:	Die aantal beamptes wat skofte werk en die aantal beamptes wat kantoorure werk	183
TABEL 80:	Redes waarom beamptes nie aan sportaktiwiteite deelneem nie	184

TABEL 81: Faktore wat beamptes sal motiveer om aan sportaktiwiteite deel te neem	185
TABEL 82: Projeksie vir die oprigting van hindernisbane	197
TABEL 83: Projeksie vir die oprigting van oefensentrums	199

LYS FIGURE

FIGUUR 1: SAPD-beamptes wat vanaf 1 Januarie 1996 tot 31 Desember 2000 gesterf het tydens die uitvoering van hulle pligte	
54	
FIGUUR 2: Geweldsmisdade wat vanaf 1 Januarie 1999 tot 31 Desember 2001 aan die SAPD gerapporteer is	
57	
FIGUUR 3: Aantal SAPD-beamptes wat aan die objektiewe evaluering deelgeneem het	124
FIGUUR 4: Die verskillende provinsies wat aan die empiriese studie deelgeneem het	167
FIGUUR 5: Die aantal beamptes wat in die gegewe ouderdomsgroepe val wat betrek is by die empiriese studie	170
FIGUUR 6: Die rassegroepe en aantal beamptes in elke groep wat deelgeneem het aan die empiriese studie	172
FIGUUR 7: Die aantal beamptes wat geen vorm van fisieke aktiwiteit beoefen nie wat aan die empiriese studie deelgeneem het	173
FIGUUR 8: Die vlakke van deelname aan sportaktiwiteite deur beamptes wat aan die empiriese studie deelgeneem het	175
FIGUUR 9: Beskikbare buitemuurse sport- en rekreasiefasiliteite in die SAPD	186
FIGUUR 10: Beskikbare binnemuurse sport- en rekreasiefasiliteite in die SAPD	187

GLOSSARIUM

ABNORMALITEIT: Die eienskap wat 'n betekenisvolle afwyking van die tipiese, gebruikelike, aanvaarde of gemiddelde verteenwoordig.

ADOLESENSIE: Die ontwikkelings stadium wat strek van puberteit tot die bereiking van volwasse-
senheid – by die vroulike geslag van ongeveer 12 tot 18 jaar, en by die manlike geslag van
ongeveer 13 - 21 jaar.

AËROBIES: In die teenwoordigheid van suurstof.

AFFEKTIEF: Wat betrekking het op die gevoelslewe van die mens.

AFFEKTIEWE VERSTEURINGS: 'n Groep verstourings wat gekenmerk word deur 'n
versteuring in die gemoedstemming, wat met 'n volledige of gedeeltelik maniese of depressiewe
sindroom gepaardgaan, en wat nie te wyte is aan enige ander liggaamlike of psigiese versteuring
nie. Die belangrikste tipes is: bipolarêre versteuring, major depressie, distimie, atipiese bipolarêre
versteuring en atipiese bipolarêre depressie.

AFSTOMPING: Die verswakking van of gebrek aan emosie. Dit is kenmerkend van sekere psigo-
patologiese toestande soos skisofrenie.

AFWYKING: Enigiets wat – gewoonlik drasties – van die normale, tipiese of algemeen aanvaarde
verskil.

AGGRESSIE: 'n Motief vir aanvallende, destruktiewe gedrag, of sodanige gedrag self.

AKUUT: Wat skielik begin en 'n hewige, maar kort verloop het – gesê van psigopatologiese of
liggaamlike siektetoestande.

ANAËROBIES: In die afwesigheid van suurstof.

ANGINA PECTORIS: Borskaspyn, wat gewoonlik te wyte is aan onvoldoende bloedvloei na die
hartspier.

ANGS: 'n Toestand wat gekenmerk word deur akute spanning, benoudheid en fisiologiese reaksies
soos 'n versnelde hartklop en oormatige sweet. Dit verskil van vrees in die sin dat dit meer chronies
van aard is en nie gekoppel kan word aan 'n definitiewe objek of situasie nie. Angs is 'n
kenmerkende simptoem van vele psigopatologiese toestande en veral neuroses.

ANGSVERSTEURINGS: 'n Groep verstourings wat primêr gekenmerk word deur die aanwesig-
heid van angs. 'n Sodanige diagnose word nie gemaak indien die angs aan 'n ander versteuring
toegeskryf kan word nie. Die belangrikste tipes is: fobiese verstourings, angstoestande, post-
traumatiese stresverstourings en atipiese angsverstourings.

ANTIGEEN: 'n Liggaamsvreemde stof of partikel wat lei tot die vorming van spesiale witbloedselle of antiliggame.

ANTILIGGAAM: 'n Proteïen wat gevorm word om 'n antigeen te vernietig of te neutraliseer.

ANTROPOMETRIE: Die meting van die menslike liggaam en sy ledemate.

AORTA: Die hoofslagaar van die liggaam, wat suurstofryke bloed vanaf die hart na die res van die liggaam dra.

ARTERIE: Enige bloedvat wat bloed vanaf die hart vervoer.

ATRIUM: Enigeen van die twee boonste hartkamers.

ATTRIBUSIE-TEORIE: 'n Stel veronderstellings oor die wyse waarop mens hulle eie en ander se gedrag oorsaaklik probeer verklaar. Dié teorie, wat sy oorsprong in die werk van F. Heider het en veral deur H.H. Kelley uitgebou is, handel onder meer oor die vraag onder watter omstandighede iemand neig om 'n ander persoon vir sy gedrag verantwoordelik te hou, en onder watter omstandighede hy neig om die situasie as die oorsaak van sy gedrag te beskou.

BALANS: 'n Toestand van ewewigtigheid.

BASALE METABOLIESE TEMPO: Die minimum tempo waarteen liggaamshitte deur 'n rustende persoon vrygestel word. Die meting daarvan word 14 tot 18 uur na die laaste ete geneem.

BEDUIDEND: Onwaarskynlik dat 'n empiriese resultaat aan toeval alleen toegeskryf kan word.

BEROERTE: Die versteuring van die bewussyn en motoriese beheer weens breinbloeding of trombose.

BETEKENISVOL: Van belang of waarde.

Opm.: Resultate wat statisties beduidend is, is nie noodwendig betekenisvol nie. Groter steekproewe lei gewoonlik tot meer beduidende, maar nie noodwendig meer betekenisvolle resultate nie.

BETROUBAARHEID: Die eienskap – in hierdie studie – van 'n meetinstrument, meetprosedure of 'n stel waarnemings wat dit moontlik maak om soortgelyke resultate te verkry indien die metings op 'n identiese wyse herhaal sou word.

BILATERAAL: Met twee gelyke sye.

BLOEDDRUK: Die druk wat bloed op die wande van bloedvate veroorsaak. Die term verwys gewoonlik na arteriële bloeddruk.

BRADIKARDIE: 'n Abnormaal lae harttempo – minder as 50 slae per minuut.

BREIN: Die orgaan wat in die skedelholte geleë is en deel van die sentrale senuweestelsel vorm. Dit is die setel van die belangrikste psigologiese en biologiese funksies en bestaan uit die volgende dele: serebrum, middelbrein, serebellum, pons en medulla oblongata.

CAROTIS: Die hoofslagaar in die nek, wat aan weerskante van die lugpyp voorkom.

CHRONIES: Met 'n langsame verloop en wat lank aanhou – gesê van 'n psigopatologiese of liggaamlike siektetoestand.

DIABETES MELLITUS: Suikersiekte. 'n Metaboliese versteuring wat ontstaan weens gebrekkige afskeiding van insulien deur die pankreas, en wat hoofsaaklik gekenmerk word deur 'n oormaat suiker in die bloed en urine.

DIAGNOSE: Die bepaling van 'n siekte, tekortkoming of afwyking op grond van waargenome simptome. Ook: Enige klassifisering van individue op grond van waargenome eienskappe of gedrag. Dit is die slotsom waartoe gekom word nadat relevante inligting ondersoek is.

DIASTOLIESE BLOEDDRUK: Die druk op die arteriële wande wanneer die hartspiere verslap is.

DNS: Deoksiribonukleïensuur – die genetiese materiaal van selkerne.

DSM-IV: Die *Diagnostic and Statistical Manual of Mental Disorders*, 4e uitgawe. Dit is 'n klassifiseringstelsel vir psigiese versteurings wat deur die Amerikaanse Psigiatriese Vereniging opgestel is. Die doel van die DSM is om duidelike beskrywings van die diagnostiese kategorieë daar te stel sonder om enige etiologiese teorie te bevoordeel.

EGO: Die deel van die psige wat die meeste in kontak is met die eksterne werklikheid. Die hoof-funksies van die ego is realiteitstoetsing, om te leer onderskei tussen self en omgewing, en om as tussenganger op te tree tussen die eise van die id en die superego.

EMBOLIE: Die beweging en vestiging van 'n bloedklont, vreemde voorwerp, vet of lugborrel in 'n bloedvat, met die gevolglike belemmering of afsluiting van bloedvloei. Die vreemde voorwerp word 'n embolus genoem.

EMFISEEM: 'n Chroniese longsiekte waarby 'n verlies aan elasticiteit van die longweefsel voorkom.

EMOSIE: 'n Komplekse toestand wat gekenmerk word deur die aktivering van die sentrale en outonome senuweestelsel, ingewandsreaksies, en gevoelens soos vrees, woede, vreugde, angs, medelye en afkeer.

ENERGIE: Die vermoë om arbeid te verrig.

EVOLUSIE: Die geleidelike ontwikkeling van plante, diere en die mens uit eertydse spesies, deur mutasie en natuurlike seleksie van die entiteite wat die beste by hulle omgewing aangepas het.

FREKWENSIE: Die gereelde of menigvuldige herhaling van iets.

GEDRAG: Enigiets wat 'n organisme doen. Dit kan dui op 'n spesifieke respons of handeling, of op 'n algemene handeling.

GEMOEDSTOESTAND: Die besondere toestand waarin die innerlike van die mens, o.a. sy gevoelswêreld, verkeer.

GENETIES: Wat betrekking het op erflikheid of die gene.

GESONDHEID: 'n Persoon se totale fisieke, sosiale, emosionele, spirituele en psigiese status.

GESONDHEIDSGEORIËNTEERDE FIKSHEID: Die komponente van fiksheid wat 'n weerpieëling is van 'n persoon se gesondheid, bv. die afwesigheid van 'n chroniese hartvatsiekte.

HEPATITIS: Ontsteking van die lewer.

HIPERGLUKEMIE: Die aanwesigheid van 'n oormaat glukose in die bloed.

HIPERTENSIE: Verhoogde bloeddruk.

HIPOKINETIESE SIEKTES: Siektetoestande wat ontstaan as gevolg van 'n gebrek aan beweging. Dié term is afgelei van die Griekse woord *hupo* wat “'n tekort aan” beteken, en *kinein* wat “beweeg” beteken.

HIPOTESE: 'n Tentatiewe aanname, of voorlopig aanvaarde verklaring van die verband tussen twee of meer veranderlikes, wat deur eksperimentering en/of waarneming getoets gaan word.

HOMEOSTASE: Die handhawing van die ewewig en stabiliteit van die liggaamsprosesse om optimale funksionering te verseker.

HORMOON: 'n Chemiese verbinding wat o.a. deur die endokriene kliere afgeskei word en wat liggaamsfunksies beheer.

IMMUNITEIT: Weerstand teen stowwe wat siektes verwek.

INFARKSIE: Plaaslike afsterwing van weefsel weens 'n onderbreking in bloedvoorsiening.

INSULIEN: 'n Hormoon wat deur die pankreas vervaardig word en wat verantwoordelik is vir die opname van suiker deur weefsel.

INTENSITEIT: Sterkte of hewigheid.

ISGEMIE: Onvoldoende bloedvoorsiening, en die gevolglike tekort aan suurstofvoorsiening.

KAPILLÊR(E): Haarvaatjie(s).

KARDIOVASKULÊR: Wat betrekking het op die hart en die bloedvate.

KOGNITIEWE TEORIE: Enigeen van 'n groep teorieë wat, in teenstelling met behavioristiese teorieë, ter verklaring van die leerproses wys op prosesse binne die organisme, soos verwagtinge, doelstellings of kognitiewe skemas, wat tydens die leerproses gevorm of verander word.

KOÖRDINASIE: Die bewuste of onbewuste harmonieuse samewerking tussen verskillende dele, veral in die menslike liggaam, en in hierdie studie veral tussen verskillende spiere.

KORONÊR: Wat betrekking het op die bloedvatstelsel van die hart.

LETSEL: Enige verandering in weefsel as gevolg van besering, siekte of chirurgie.

LEUKOSIETE: Witbloedselle – die bloedselle waarvan die hooftfunksie is om infeksie te bestry.

LIGGAAMSBEELD: 'n Persoon se subjektiewe beskouing van sy eie liggaam. Dié term word gebruik vir: die subjektiewe en min of meer bewuste persepsie wat 'n persoon elke oomblik van die posisie, houding en beweging van sy liggaam het; 'n persoon se kenmerkende ervaring van sy eie liggaam, en 'n persoon se evaluering van sy liggaam, of dele daarvan, in terme van aspekte soos aantreklikheid, manlikheid, vroulikheid en gesondheid.

LIGGAAMSBOU: Die struktuur van die liggaam, en veral die uiterlik waarneembare struktuur.

LIGGAAMSBOUTIPE: 'n Konstellasie van waarneembare anatomiese eienskappe wat gewoonlik saam voorkom. Sommige psigoloë, waaronder W.H. Sheldon, is van mening dat sekere psigologiese eienskappe met 'n bepaalde liggaamsboutipe geassosieer word.

LIGGAAMSTEMPERATUUR: Die temperatuur van die liggaam van 'n organisme soos op 'n gegewe stadium deur 'n kliniese termometer gemeet. Dit word deur 'n komplekse proses gereguleer waarin die hipotalamus 'n kernrol speel. Die normale liggaamstemperatuur van die mens, oraal gemeet, is 36,9° C.

LITERATUUR: Leesstof. In wetenskaplike konteks dui dié term op gepubliseerde materiaal oor 'n bepaalde vakgebied.

MAJOR DEPRESSIE: 'n Affektiewe versteuring wat gekenmerk word deur een of meer major depressiewe episodes, maar waarin die lyster nog nooit 'n maniese of hipomaniese episode ondervind het nie. Dié toestand word onderverdeel in major depressie: eenmalige episode, en major depressie: herhalend.

MASSA: Die hoeveelheid materie waaruit 'n liggaam of voorwerp bestaan.

MENINGITIS: Ontsteking van die harsingvliese, gewoonlik as gevolg van 'n bakteriële infeksie. Dié toestand kan onder meer tot verstandelike vertraging lei.

MENS: Die genus homo, of enige lid daarvan. Homo sapiens is die enigste lewende spesie in die genus. Die mens behoort tot die primate, maar verskil van die ander primate deurdat hy 'n relatief groter brein besit. Ander onderskeidende kenmerke is sy regop wyse van loop, sy gebruik van taal, sy komplekse kultuur, en sy vermoë tot hoër geestesprosesse, soos denke en morele oordele.

MIOKARDIUM: Hartspier.

MISDAAD: Enige menslike handeling of versuim wat strafbaar is deur die staat.

MITOCHONDRIA: Klein organelle in die sitoplasma wat die oksidasie-ensieme bevat en die setel is van ATP-produksie.

MIV: Menslike immuungebreek-virus. Dit veroorsaak 'n infeksie wat aanleiding gee tot die siektetoestand vigs.

MORTALITEIT: Sterfte of sterftes, veral in groot getalle. Ook: Die verhouding van sterftes tot die totale aantal van 'n groep of die bevolking.

MOTIVERING: 'n Algemene term vir 'n klas faktore wat gedrag bepaal of reguleer. Die term dui op die feit dat gedrag medebepaal word deur die organisme self, m.a.w. deur energiebronne binne die organisme, soos behoeftes, drange en doelstellings. Motivering word dus onderskei van ander determinante van gedrag, soos vermoëns en eienskappe, asook van die stimulussituasie.

NEKROSE: Die afsterwing van weefsel as gevolg van 'n gebrek aan bloedvoorsiening.

NEURO-: Wat betrekking het op die senuweestelsel.

NORMALITEIT: Die eienskap wat bepaal dat daar nie 'n betekenisvolle afwyking van die tipiese, gebruikelike, aanvaarde of gemiddelde is nie.

OBESITEIT: Die oormatige akkumulاسie van vet in die liggaam.

OBJEKTIEF: Wat in die fisiese werklikheid bestaan. Ook: Wat onafhanklik van die waarnemer se oordeel bestaan.

OEFENING: Die een- of meermalige herhaling van 'n vaardigheid met die doel om die uitvoering daarvan te verbeter.

ONDERVINDING: Kennis wat 'n individu opgedoen het deur praktiese deelname aan aktiwiteite en gebeurtenisse.

OPLEIDING: 'n Sistematiese reeks aktiwiteite waaraan 'n persoon onderwerp word ten einde nuwe kennis, vaardighede of gedragsverandering by hom teweeg te bring.

ORGAAN: 'n Strukturele deel van 'n organisme wat een of meer spesifieke funksies vervul.

OUERDOM: Die duur van 'n organisme se lewe. Gewoonlik word ouderdom vanaf geboorte bereken, maar in sommige gevalle, bv. in dié van vroeggebore babas, kan ouderdom vanaf bevrugting bereken word.

PANKREAS: 'n Groot klier wat dwars, agter die maag lê en oor endokriene sowel as eksokriene funksies beskik. As endokriene klier bevat dit die eilandjies van Langerhans, wat insulien en glukagon afskei. As eksokriene klier skei dit ensieme af wat 'n belangrike rol in spysvertering speel.

PERFUSIE: Die konstante vloeï van bloed deur die kapillêre.

PERIKARDIUM: Die membraneuse sak wat die hart omring.

POLS: Alternerende kontraksie en verwyding van arteriële wande soos die hart bloed daardeur pomp.

POST-TRAUMATIESE STRESVERSTEURING: 'n Angsversteuring wat volg op 'n ervaring wat 'n traumatiese effek op feitlik enige mens sal hê, bv. verkragting, oorlog, 'n aardbewing of marteling. Die vernaamste simptome is herbeleving van die traumatiese gebeurtenis, 'n afname in responsiwiteit en betrokkenheid ten opsigte van die eksterne wêreld, asook simptome wat nie voor die trauma aanwesig was nie.

PROEFPERSOON: Enige persoon wat as lid van 'n eksperimentele of kontrolegroep in 'n eksperimentele situasie bestudeer word.

PSIGIES: Wat betrekking het op die psige, m.a.w. alle bewuste belewenisse, onbewuste prosesse, asook waarneembare en onwaarneembare gedrag wat deur psigoloë bestudeer word.

PUBERTEIT: Die ontwikkelingstadium waartydens die vermoë tot reproduksie bereik word en die sekondêre geslagskenmerke begin ontwikkel. By meisies neem dié stadium gewoonlik op 12- of 13-jarige leeftyd 'n aanvang, en by seuns op 13- of 14-jarige leeftyd.

RAS: 'n Kategorie vir die klassifisering van organismes, naamlik as een van 'n groep geneties onderskeibare tipes wat saam 'n spesie vorm. Die spesie homo sapiens kan byvoorbeeld in die Negroïede, Europiede en Monogoliede ras ingedeel word. Die verskillende menserasse is egter nie duidelik omlin nie en geen klassifikasie word algemeen aanvaar nie.

REALITEIT: Alle toestande in die eksterne omgewing wat 'n invloed op 'n organisme se gedrag kan hê.

REHABILITASIE: Die proses waardeur 'n persoon herstel tot op 'n bevredigende vlak van fisieke, psigiese, beroeps- en sosiale funksionering ná 'n besering, siekte, psigiese versteuring of gedragsafwyking.

REKREASIE: 'n Leefwyse wat skepping of herskepping beteken en wat uit eie, vrye wil plaasvind en in 'n persoon se vrye tyd.

RENAAL: Wat betrekking het op die niere.

RESPIRASIE: Asemhaling.

SELFEFFEKTIWITEIT: 'n Individu se evaluering van sy eie effektiwiteit, m.a.w. sy vermoë om doeltreffend op te tree volgens die vereistes van 'n spesifieke situasie.

SFIGMOMANOMETER: 'n Instrument waarmee bloeddruk gemeet word.

SISTEMIES: Wat betrekking het op 'n hele sisteem, soos die liggaam, eerder as op individuele elemente, soos organe.

SISTOLIESE BLOEDDRUK: Die druk op die arteriële wande wanneer die hartspiere saamtrek.

SOMATOTIPERING: Die bepaling van 'n individu se liggaamsboutipe. Dit geskied deur die meting van sekere dimensies van die liggaam en die bepaling van sekere proporsies.

STANDAARD: 'n Verwagte peil van of kriterium vir prestasie.

STATISTIEK: Die afdeling van die wiskundige wetenskappe wat met die versameling, beskrywing, ontleding en interpretasie van numeriese data te doen het. Ook: 'n Opsommende waarde wat bereken is op grond van 'n steekproef.

STRES: Die totaliteit van liggaamlike en psigiese reaksies op nadelige en/of onaangename stimuli, wat insluit eksterne omgewingstimuli soos lawaai en gevaar, asook interne stimuli soos veral langdurige angs, hewige emosies, bekommernis en spanning.

TEORIE: 'n Groep logiese, samehangende stellings wat aangebied word as verklaring vir 'n groep verwante verskynsels.

TETANUS: 'n Infeksiesiekte wat gekenmerk word deur aanhoudende sametrekkinge van die spiere.

TIP A-PERSOONLIKHEID: 'n Persoonlikheidstipe wat baie vatbaar is vir koronêre hartvatsiektes en gekenmerk word deur 'n gretigheid om te kompeteer, voortdurende betrokkenheid by selfopgelegde tydsgrense, 'n intense behoefte aan erkenning, psigiese en liggaamlike wakkerheid en vlugheid, en sterk dryfkragte in die rigting van selfgekoosde maar swakgedefinieerde doelwitte.

TRAUMA: Enige psigiese ervaring wat 'n nadelige invloed, gewoonlik van langdurige aard, op persoonlikheidsontwikkeling het.

TROMBOSE: Die vorming van bloedklonte in 'n bloedvat.

VASKULÊR: Wat betrekking het op bloedvate.

VENES: Are. Ook: Bloedvate wat bloed na die hart voer.

VENTRIKELS: Die hartkamers wat bloed uit die hart pomp.

VIGS: Verworwe immuuniteitsgebrek-sindroom – 'n siektetoestand veroorsaak deur die MI-virus en wat lei tot opportunistiese infeksies, maligniteite en neurologiese siektes.

VO₂MAKS: Die hoeveelheid suurstof wat 'n sisteem per minuut aan elke kilogram liggaamsmassa kan verskaf tydens maksimale inspanning.

VOLWASSENHEID: Die ontwikkelings stadium wat strek vanaf die einde van adolessensie tot die dood.

VRAELYS: 'n Reeks vrae wat 'n enkele onderwerp of 'n paar verwante onderwerpe dek en deur

'n toetsling of proefpersoon beantwoord word. Vraelyste kan gebruik word vir die meting van belangstellings, houdings, menings en persoonlikheidseienskappe, asook vir die insameling van biografiese inligting.

WELLNESS: 'n Term wat alle vorms van gesondheid, naamlik fisieke, psigiese, spirituele, sosiale en emosionele gesondheid, insluit.

WERKSGEORIËNTEERDE FIKSHEID: Die tipe fiksheid wat bestaan uit die aspekte wat 'n persoon in sy daaglikse werksomstandighede kan teëkom waarvoor hy homself fisiek moet voorberei, bv. genoeg greep- en rygkrag om oor 'n hindernis te kan klouter. Dit kan verder omskryf word as die optimale verbetering van fiksheidskomponente wat 'n persoon in staat sal stel om sy werk beter te verrig. Die komponente van fiksheid wat in hierdie konteks belangrik is, sluit in beweeglikheid, balans, koördinasie en spoed.

WITBLOEDSELLE: Die selle in die bloed waarvan die hoof funksie is om organismes en vreemde stowwe te vernietig en te verwyder.

X-AS: Die horisontale lyn op 'n grafiek wat die y-as loodreg in die oorsprong kruis.

Y-AS: Die vertikale lyn op 'n grafiek wat die x-as loodreg kruis.

INHOUDSOPGAWE

HOOFSTUK I

INLEIDING, PROBLEEMFORMULERING, DOEL VAN DIE STUDIE EN HIPOTETIESE STELLING

1.1	INLEIDING	1
1.2	DIE VERLEDE	1
1.3	DIE PROBLEEM	2
1.4	PLIGTE VAN 'N POLISIEBEAMPTE	6
1.5	DIE NASIONALE SPORT EN REKREASIE-SEKSIE VAN DIE SAPD	6
1.6	DEELNAME AAN SPORT EN REKREASIE IN DIE SAPD	7
1.6.1	BELEID OOR DEELNAME AAN SPORT EN REKREASIE IN DIE SAPD	7
1.6.2	BELEID OOR FISIEKE INSTANDHOUDING IN DIE SAPD	8
1.7	PRIMÊRE DOELSTELLINGS VAN HIERDIE STUDIE	8
1.8	SEKONDÊRE DOELSTELLINGS VAN HIERDIE STUDIE	8
1.9	HIPOTETIESE STELLING	9

HOOFSTUK II

DIE INVLOED VAN FISIEKE OEFENING OP FISILOGIESE STELSLS

2.1	INLEIDING	10
2.2	KINANTROPOMETRE	11
2.2.1	ANTROPOMETRIE (STRUKTUUR)	12
2.2.1.1	LIGGAAMSAMESTELLING (SOMATOTIPE)	12
	° PRIMÊRE KOMPONENTE	13
2.3	FISIEKE FIKSHEID (FUNKSIE)	14
2.3.1	KOMPONENTE VAN FISIEKE FIKSHEID	17
2.3.1.1	KARDIOVASKULÊRE FIKSHEID (VO_{2MAKS})	17
2.3.1.2	SPIERKRAG	20
2.3.1.3	SOEPELHEID	22
	° VOORDELE VAN SOEPELHEIDSOEFENINGE	23
	° FAKTORE WAT SOEPELHEID BEÏNVLOED	23
2.4	OEFENVOORSKRIFTE VIR OPTIMALE FIKSHEID	24
2.4.1	INTENSITEIT	24
2.4.2	TYDSDUUR	26
2.4.3	FREKWENSIE	27
2.5	HANDHAWING VAN KARDIOVASKULÊRE FIKSHEID EN KRAG	27
2.6	HIPOKINETIESE SIEKTETOESTANDE EN DIE UITWERKING VAN OEFENING OP DIE HART	29
2.6.1	INLEIDING	29
2.6.2	DIE UITWERKING VAN OEFENING OP DIE HART	29
2.6.2.1	STERKER MIOKARDIUM	29

2.6.2.2	SIEKTETOESTANDE VAN DIE HART WAT VERBAND HOU MET ONAKTIWITEIT EN DIE UITWERKING VAN OEFENING DAAROP	31
°	KORONêRE HARTVATSIEKTES	31
-	HOE ONTSTAAN 'N HARTAANVAL (MIOKARDIALE INFARKSIE)?	31
-	DIE UITWERKING VAN OEFENING OP DIE HART	35
2.6.2.3	ANDER TOESTANDE WAT VERBAND HOU MET ONAKTIWITEIT EN DIE UITWERKING VAN OEFENING DAAROP	37
°	HIPERTENSIE	37
-	WAT IS BLOEDDRUK?	37
-	WAT IS NORMALE BLOEDDRUK?	37
-	VOORKOMING VAN HIPERTENSIE EN BEROERTE DEUR OEFENING	38
°	HOë BLOEDCHOLESTEROL	40
-	WAT IS CHOLESTEROL?	40
-	DIE UITWERKING VAN OEFENING OP CHOLESTEROL-VLAKKE	41
°	OBESITEIT	42
-	WAT IS OBESITEIT?	42
-	DIE UITWERKING VAN OEFENING OP OBESITEIT	44
°	DIABETES MELLITUS	45
-	WAT IS DIABETES MELLITUS?	45
-	INSULIENAFHANKLIKE (TIPE I-) DIABETES	46
-	INSULIENONAFHANKLIKE (TIPE II-) DIABETES	46
-	DIE UITWERKING VAN OEFENING OP DIABETES MELLITUS	47
°	VERSWAKTE IMMUNSTELSE	48
°	LAERUGPROBLEME	49

HOOFSTUK III

DIE INVLOED VAN FISIEKE OEFENING OP PSIGOLOGIESE FUNKSIES

3.1	INLEIDING	52
3.2	DIE POLISIEBEAMPTTE AS TEIKEN	53
3.3	WAT IS STRES?	54
3.4	DIE KLASSIFIKASIE VAN STRESSORS	55
3.4.1	ALGEMENE STRESSORS	55
3.4.2	POLISIESTRESSORS	56
3.5	GEVOLGE VAN STRES	58
3.6	DEPRESSIE	59
3.6.1	KLINIESE BEELD VAN DEPRESSIE	60
3.6.1.1	EET- EN GEWIGVERSTEURINGS	61
3.6.1.2	SLAAPVERSTEURINGS	61
3.6.1.3	SIGOMOTORIESE VERSTEURINGS	62
3.6.1.4	VERLIES AAN BELANGSTELLING EN/OF	62
3.6.1.5	VERLIES AAN ENERGIE	62
3.6.1.6	LAE EIEWAARDE EN SKULDGEVOELENS	62
3.6.1.7	SUKKEL OM TE DINK EN TE KONSENTRER	63

3.6.1.8	HERHAALDE GEDAGTES RONDON DIE DOOD EN/OF SELFMOORD	63
3.7	POST-TRAUMATIESE STRESVERSTEURINGS	63
3.7.1	INLEIDING	63
3.7.2	TRAUMA	64
3.7.2.1	PRIMêRE TRAUMA	64
3.7.2.2	SEKONDêRE TRAUMA	64
3.7.3	POST-TRAUMATIESE AANPASSING	65
3.7.3.1	HOOFEIENSKAPPE VAN POST-TRAUMATIESE STRESVERSTEURING	65
3.7.4	FASES VAN POST-TRAUMATIESE STRESVERSTEURING EN DIE GEPAAARDGAANDE SIMPTOME	68
3.7.4.1	FASE EEN: REAKSIE OP TRAUMA	68
3.7.4.2	FASE TWEE: AKUTE FASE	68
3.7.4.3	FASE DRIE: CHRONIESE FASE	68
3.7.5	POST-TRAUMATIESE STRESVERSTEURING EN DIE WERKSOMGEWING	69
3.7.5.1	ORLOGSTRES	69
3.7.5.2	POST-TRAUMATIESE STRESVERSTEURING IN DIE SAPD	71
3.8	DIE UITWERKING VAN OEFENING OP DIE GEMOEDSTOESTAND	73

HOOFSTUK IV
ENKELE MOTIVERINGSTEORIEë EN DIE REDES VIR DEELNAME AAN EN
STAKING VAN FISIEKE OEFENING

4.1	INLEIDING	77
4.2	DIE ATTRIBUSIE-TEORIE	78
4.3	LOKUS VAN KONTROLE-TEORIE	81
4.4	SOSIAAL-KOGNITIEWE TEORIE	83
4.4.1	INLEIDING	83
4.4.2	SELFRESPEK	83
4.4.3	SELFEFFEKTIWITEIT	84
4.4.4	BEVOEGDHEIDSPERSEPSIE	85
4.5	INTRINSIEKE MOTIVERING EN DIE GENOT-TEORIE	86
4.6	VOLHARDING IN OEFENING EN DIE FAKTORE WAT 'N ROL SPEEL	87
4.7	GEVOLGTREKKING	90

HOOFSTUK V
DIE ONTWIKKELING VAN 'N PROGRAM VIR FISIEKE INSTANDHOUDING
VIR DIE SAPD

5.1	INLEIDING	92
5.2	DIE KOMPONENTE VAN 'N PROGRAM VIR FISIEKE INSTANDHOUDING	95

5.2.1	GESONDHEIDSORG	96
5.2.2	MEDIESE ONDERSOEKE	97
5.2.2.1	HUIDIGE FISIEKE EN MEDIESE KEURINGSPROSES	97
5.2.2.2	VOOR INDIENSNEMING	98
5.2.2.3	NA INDIENSNEMING	99
	◦ LEDE JONGER AS 35 JAAR	99
	◦ LEDE 36 - 49 JAAR	99
	◦ LEDE 50 JAAR EN OUER	99
5.2.3	MEDIESE GESKIKTHEID	100
5.2.3.1	ALGEMENE MEDIESE GESKIEDENIS	100
5.2.3.2	GESKIEDENIS VAN LEWENSWYSE	100
5.2.3.3	FISIEKE ONDERSOEK	100
	◦ WERKSKAPASITEIT	101
	◦ KARDIORESPIRATORIESE STELSEL	102
	◦ TEMPO VAN VORDERING	103
5.2.4	WELLNESS-SENTRUMS	103
5.2.5	FIKSHEIDSEVALUERING	104
5.2.5.1	WIE GEëVALUEER MOET WORD	104
5.2.5.2	TIPE FIKSHEIDSTOETSE	104
	◦ WERKSGEORIëNTEERDE FIKSHEIDSTOETSE	105
	◦ GESONDHEIDSGEORIëNTEERDE FIKSHEIDSTOETSE	106
	◦ HOE OM RESULTATE TE GEBRUIK	106
	- GESONDHEIDSGEORIëNTEERDE FIKSHEIDSPROGRAM	107
	- WERKSGEORIëNTEERDE FIKSHEIDSPROGRAM	107
5.3	DIE GESONDHEIDSVORDELE VAN 'N PROGRAM VIR FISIEKE FIKSHEID	108
5.3.1	PRODUKTIEWEIT VERSUS SIEKVERLOF	108
5.3.2	LAER MEDIESEONTSLAG-SYFER	110

HOOFSTUK VI

DIE METODE VAN ONDERSOEK

6.1	INLEIDING	111
6.2	MEETINSTRUMENTE	111
6.3	OBJEKTIEWE EVALUERING	112
6.3.1	LIGGAAMSLENGTE	113
6.3.2	LIGGAAMSMASSA	113
6.3.3	ONDERHUIDSEVET-BEPALING	113
6.3.3.1	DRIEKOPSPIER- (TRICEPS) VELVOU	114
6.3.3.2	SUBSKAPULA-VELVOU	114
6.3.3.3	SUPRA-ILIUM-VELVOU	114
6.3.3.4	PARA-UMBILIKUS-VELVOU	114
6.3.3.5	DYBEEN-VELVOU	114
6.3.3.6	MEDIALEKUIT-VELVOU	114
6.3.4	SOMATOTIPERING	115
6.3.4.1	KATEGORIEë VAN SOMATOTIPES	115

°	SKELETWYDTE	116
-	BI-EPIKONDILêRE HUMERUS	116
-	BI-KONDILêRE FEMUR	116
°	OMTREKMATE	116
-	MAKSIMALE BOARM-OMTREK	116
-	KUITOMTREK	116
6.3.5	SUBMAKSIMALE KARDIOVASKULêRE UITHOUVERMOë TOETS (VO ₂ MAKS)	117
6.3.5.1	FIETS-ERGOMETERTOETS: INDIREKTE METODE	117
6.3.6	SOEPELHEID	118
6.3.7	GREEPKRAG	118
6.3.8	RUGKRAG	119
6.3.9	BLOEDGLUKOSE-VLAKKE	119
6.3.10	BLOEDCHOLESTEROL-VLAKKE	119
6.3.11	OUERDOM	120
6.3.12	MEDIESE VRAELYS	120
6.3.13	SIEKVERLOF IN DIE SAPD	120
6.3.14	REDES VIR MEDIESE ONTSLAG UIT DIE SAPD	120
6.3.14.1	FISIEKE SIEKTETOETSTANDE/BESERINGS	121
6.3.14.2	PSIGIESE SIEKTETOESTANDE	121
6.3.14	DIE SYFER VIR NATUURLIKE STERFTES IN DIE SAPD	121
6.4	EMPIRIESE ONDERSOEK	122
6.4.1	AFDELING A: ALGEMENE AFDELING	123
6.4.2	AFDELING B: HOUDING	123
6.4.3	AFDELING C: VOLHARDING IN OEFENING	123
6.4.4	AFDELING D: OEFENFASILITEITE	1

HOOFSTUK VII

BESPREKING VAN RESULTATE

7.1	INLEIDING	124
7.2	OBJEKTIEWE EVALUERING: MORFOLOGIESE WAARNEMINGS	124
7.2.1	OUERDOM	125
7.2.1.1	GEMIDDELDE OUERDOM VAN SAPD-BEAMPTES IN DIE OBJEKTIEWE-EVALUERING	126
7.2.1.2	GEMIDDELDE OUERDOM VAN SAPD-BEAMPTES WAT MEDIES ONGESKIK VERKLAAR IS	127
7.2.1.3	DIE OUERDOMSGROEP WAARTOE DIE MEESTE SAPD- BEAMPTES BEHOORT	127
7.2.2	LIGGAAMSMASSA EN -LENGTE	128
7.2.2.1	GEMIDDELDE LIGGAAMSMASSA VAN SAPD-BEAMPTES	128
7.2.2.2	GEMIDDELDE LIGGAAMSLENGTE VAN SAPD-BEAMPTES	129
7.2.3	VETPERSENTASIE	130
7.2.3.1	GEMIDDELDE VETPERSENTASIE VAN SAPD-BEAMPTES	131
7.2.4	SOMATOTIPERING	133

7.2.5	VO ₂ MAKS-TOETS: INDIREKTE METODE	133
7.2.5.1	GEMIDDELDE VO ₂ MAKS VAN SAPD-BEAMPTES	134
7.2.6	KRAG	135
7.2.6.1	GREEPKRAG	135
	◦ GEMIDDELDE GREEPKRAG VAN SAPD-BEAMPTES	136
7.2.6.2	RUGKRAG	137
	◦ GEMIDDELDE RUGKRAG VAN SAPD-BEAMPTES	138
7.2.7	SOEPELHEID	139
7.2.7.1	GEMIDDELDE SOEPELHEID VAN SAPD-BEAMPTES	139
7.2.8	BLOEDDRUK	140
7.2.8.1	GEMIDDELDE BLOEDDRUK VAN SAPD-BEAMPTES	141
7.2.9	BLOEDGLUKOSE-VLAKKE	143
7.2.9.1	GEMIDDELDE BLOEDGLUKOSE-VLAKKE VAN SAPD-BEAMPTES	143
7.2.10	BLOEDCHOLESTEROL-VLAKKE	144
7.2.10.1	GEMIDDELDE BLOEDCHOLESTEROL-VLAKKE VAN SAPD-BEAMPTES	145
7.2.11	SIEKVERLOF-SYFER	146
7.2.12	MEDIESE ONTSLAG UIT DIE SAPD	147
7.2.12.1	INLEIDING	147
7.2.12.2	SIEKTETOESTANDE EN BESERINGS WAT BEAMPTES VIR MEDIESE RADING LAAT KWALIFISEER	148
	◦ SIEKTETOESTANDE/BESERINGS: FISIEK	148
	◦ SIEKTETOESTANDE: PSIGIES	149
7.2.13	DIE SYFERS VIR NATUURLIKE STERFTES IN DIE SAPD	150
7.2.13.1	CHRONIESE HARTVATSIEKTES (MIOKARDIALE INFARKSIE)	151
	◦ STERFTESYFER VIR CHRONIESE HARTVATSIEKTES IN DIE SAPD	151
7.2.13.2	RESPIRATORIESE SIEKTETOESTANDE: TUBERKULOSE EN LONGONTSTEKING	152
	◦ TUBERKULOSE	152
	- STERFTESYFER VIR TUBERKULOSE IN DIE SAPD	153
	◦ LONGONTSTEKING	154
	- STERFTESYFER VIR LONGONTSTEKING IN DIE SAPD	154
7.2.13.3	KANKER	155
	◦ WAT IS KANKER?	155
	- KANKER EN DIE STERFTESYFER IN DIE SAPD	156
7.2.13.4	BEROERTE	157
	◦ STERFTESYFER VIR BEROERTE IN DIE SAPD	158
7.2.13.5	DIABETES MELLITUS	158
	◦ STERFTESYFER VIR DIABETES MELLITUS IN DIE SAPD	159
7.2.13.6	NIERVERSAKING	159
	◦ STERFTESYFER VIR NIERVERSAKING IN DIE SAPD	160
7.2.13.7	LEWERSIRROSE	160
	◦ STERFTESYFER VIR LEWERSIRROSE IN DIE SAPD	161
7.2.13.8	VIGS	161
	◦ STERFTESYFER VIR VIGS IN DIE SAPD	162
7.2.13.9	VIRUS- EN BAKTERIËLE INFEKSIES	163
	◦ STERFTESYFER VIR VIRUS- EN BAKTERIËLE INFEKSIES IN DIE SAPD	164

7.2.13.10	ONBEKEND	164
°	STERFTESYFER VIR ONBEKENDE OORSAKE IN DIE SAPD	164
7.3	EMPIRIESE ONDERSOEK	165
7.3.1	INLEIDING	165
7.3.2	AFDELING A: ALGEMENE INLIGTING	166
7.3.2.1	VRAAG 1: IN WATTER PROVINSIE IS DIE POLISIESTASIE OF -EENHEID GELEë?	166
7.3.2.2	VRAAG 2: IN WATTER AREA IS DIE POLISIESTASIE OF -EENHEID GELEë?	167
7.3.2.3	VRAAG 3: IS U 'N STASIE KOMMISSARIS OF 'N SEKSIE BEVEL- VOERDER?	169
7.3.2.4	VRAAG 4: HOEVEEL BEAMPTES IS TANS BY DIE POLISIESTASIE OF -EENHEID WERKSAAM?	169
7.3.2.5	VRAAG 5: IN WATTER VAN DIE GEGEWE OUDERDOMSGROEPE VAL DIE BEAMPTES WAT TANS BY DIE POLISIE- STASIE OF -EENHEID WERKSAAM IS?	170
7.3.2.6	VRAAG 6: HOEVEEL MANS EN VROUENS IS TANS BY DIE POLISIESTASIE OF -EENHEID WERKSAAM?	171
7.3.2.7	VRAAG 7: WATTER RASSEGROEPE EN HOEVEEL VAN ELKE GROEP IS TANS BY DIE POLISIESTASIE OF -EENHEID WERKSAAM?	172
7.3.2.8	VRAAG 8: HOEVEEL GESTREMDES IS TANS BY DIE POLISIE- STASIE OF -EENHEID WERKSAAM?	173
7.3.3	AFDELING B: HOUDING VAN BEAMPTES TEENoor FISIEKE AKTIWITEIT	173
7.3.3.1	VRAAG 1: HOEVEEL BEAMPTES IS GLAD NIE BETROKKE BY ENIGE VORM VAN FISIEKE AKTIWITEIT BINNE OF BUITE DIE SAPD NIE?	173
7.3.3.2	VRAAG 2: HOEVEEL BEAMPTES IS AKTIEF BY SPORTAKTIWI- TEITE BETROKKE	174
7.3.3.3	VRAAG 3: OP WATTER VLAK WORD DIE SPORTAKTIWITEIT GEWOONLIK BEOEFEN?	174
7.3.3.4	VRAAG 4: WATTER SPORTSOORTE WORD BEOEFEN EN HOEVEEL BEAMPTES NEEM AAN DIE GENOEMDE SPORTSOORTE DEEL?	176
°	SPANSPORTSOORTE	178
°	INDIVIDUELE SPORTSOORTE	179
7.3.3.5	VRAAG 5: OP WATTER VLAK BEOEFEN DIE BEAMPTES HULLE SPORTAKTIWITEITE?	180
7.3.3.6	VRAAG 6: HOEVEEL BEAMPTES BEHOORT AAN 'N POLISIE- OF PRIVAATKLUB EN HOEVEEL NEEM INDIVIDUEEL AAN HULLE SPORTAKTIWITEITE DEEL?	180
7.3.3.7	VRAAG 7: OP WATTER DAE VAN DIE WEEK BEOEFEN DIE BE- AMPTES HULLE ONDERSKEIE SPORTSOORTE?	182
7.3.3.8	VRAAG 8: HOEVEEL KEER PER WEEK BEOEFEN DIE BEAMPTES HULLE ONDERSKEIE SPORTSOORTE?	183
7.3.3.9	VRAAG 9: HOE LANK DUUR DIE OEFENSESSIES GEMIDDELD?	184
7.3.3.10	VRAAG 10: GEMIDDELD HOEVEEL DAE PER JAAR NEEM 'N BEAMPTE SPORTVERLOF?	184

7.3.3.11	VRAAG 11:HOEVEEL BEAMPTES WERK SKOFURE EN HOEVEEL GEWONE KANTOORURE?	185
7.3.4	AFDELING C: VOLHARDING IN OEFENING	186
7.3.4.1	VRAAG 1: WAAROM DINK U, AS DIE BEVELVOERDER, NEEM BEAMPTES NIE AAN SPORT- EN REKREASIE AKTIWI- TEITE DEEL NIE?	186
7.3.4.2	VRAAG 2: WAT SAL DIE BEAMPTES VOLGENS U AS BEVEL- VOERDER MOTIVEER OM AAN FISIEKE AKTIWITEITE DEEL TE NEEM?	187
7.3	AFDELING D: OEFENFASILITEITE	188
7.3.1	VRAAG 1: HOEVEEL BUITEMUURSE SPORT- EN REKREASIE- FASILITEITE IS ONDER U TOESIG EN IN WATTER TOESTAND IS DIT?	188
7.3.2	VRAAG 2: HOEVEEL BINNEMUURSE SPORT- EN REKREASIE- FASILITEITE IS ONDER U TOESIG EN IN WATTER TOESTAND IS DIT?	188

HOOFSTUK VIII
GEVOLGTREKKINGS EN DIE IMPLEMENTERING VAN ‘N PROGRAM VIR
FISIEKE INSTANDHOUDING IN DIE SAPD

8.1	INLEIDING	190
8.2	GEVOLGTREKKINGS: FISIOLOGIE VAN DIE MENS	190
8.3	GEVOLGTREKKINGS: PSIGOLOGIE VAN DIE MENS	192
8.4	GEVOLGTREKKINGS: EMPIRIESE ONDERSOEK	193
8.5	DIE IMPLEMENTERING VAN DIE PROGRAM VIR FISIEKE INSTANDHOUDING	195
8.5.1	VERPLIGTE MEDIESE EVALUERING: VOOR INDIENSNEMINGS- VLAK	195
8.5.1.1	INLEIDING	195
8.5.1.2	DAARSTELLING VAN ‘N NUWE PROSES VIR MEDIESE KEURING	196
	◦ VOLLEDIGE MEDIESEGESKIEDENIS VRAELYS	196
	◦ VOLLEDIGE LABORATORIUMTOETSE	196
	◦ ADDISIONELE VRAELYS	197
	- DIE VERANTWOORDELIKHEID VAN DIE MEDIESE DOKTER	197
	◦ VERPLIGTE MEDIESE EVALUERING: NA INDIENSNEMINGS- VLAK	198
8.5.1.3	GESONDHEIDSORG: ‘N VOORGESKREWE VAK, AANGEBIED TE PRETORIA OPLEIDINGSKOLLEGE	198
8.5.1.4	VERPLIGTE UITTREESTANDAARDE VIR POLISIEBEAMPTES UIT DIE OPLEIDINGSKOLLEGE	198
8.5.1.5	WERKSGEORIËNTEERDE FIKSHEIDSHINDERNISBAAN	199
8.5.1.6	PLIGTE VAN DIE PROVINSIALE BEAMPTTE RAKENDE FISIEKE INSTANDHOUDING	200
	◦ DIE FISIEKE EVALJUERING VAN BEAMPTES IN DIE PROVINSIE	200

°	HEREVALUERING VAN BEAMPTES	200
°	MONITERING VAN FISIEKE PROGRAMME	201
°	MOTIVERING VAN BEAMPTES TEN OPSIGTE VAN FISIEKE AKTIWITEIT EN DIE BEHOUD VAN LIGGAAMSHOMEOSTASE	201
8.5.1.7	WELLNESS-SENTRUMS	201
°	‘N VOLLEDIGE GIMNASIUM MOET BESTAAN UIT	201
°	FISIEKE EVALUERINGSAREA	202
°	AANTREKKAMERS EN OPWASFASILITEITE	202
°	KANTOORAREA	202
8.5.1.8	VERANDERING VAN BELEID OOR FISIEKE INSTANDHOUDING	202
8.5.1.9	VERANDERING VAN BELEID OOR SPORT EN REKREASIE	202
8.6	SAMEVATTING	203

In hierdie tesis word deurgaans
met “hy” ook “sy” bedoel, tensy na ’n spesifieke
geslag verwys word.

HOOFSTUK I

INLEIDING, PROBLEEMFORMULERING, DIE DOEL VAN DIE STUDIE EN HIPOTETIESE STELLING

The White Rabbit put on his spectacles. 'Where shall I begin, please your majesty?' he asked. 'Begin at the beginning,' the King said gravely, 'and go on till you come to the end; then stop' (Carroll, 1997:179).

1.1 INLEIDING

Die ontstaan van die menslike wese en sy oorlewing op aarde is te danke aan unieke evolusionêre gebeurtenisse (Leakey & Lewin, 1992; Darwin, 1993; Sagan, 1997; Hawking, 1998). Die mens se vroeëre leefwyse het egter heelwat van die hedendaagse verskil. Dit was 'n harde lewe – 'n lewe wat net die sterkstes oorleef het (Leakey & Lewin, 1992). Die mens het 99% van die tyd wat hy reeds op aarde is, 'n nomadiese bestaan gevoer. Die mans het gejag en die vrouens het ander kossoorte bymekaargemaak en water aangedra (Dishman, 1988; Leakey & Lewin, 1992; Sagan, 1997). As gevolg van die feit dat die mens kos moes soek, het hy baie beweeg. As gespierde wese is die mens gemaak om te beweeg (Bachman, 1978; Gray & Fowler, 1983; Clarke & Clarke, 1987; Dishman, 1988). Ons voorouers se dieet het ook hoofsaaklik uit koolhidrate, proteïene en bitter min vet bestaan (Dishman, 1988; Leakey & Lewin, 1992). Evolusie het die mens vir 'n aktiewe lewe gevorm – 'n lewe wat nie moontlik sou wees sonder beweging nie (Sagan, 1997). Vandag se gemeganiseerde lewe het die mens egter in 'n lui, onaktiewe wese omskep (Botha, 1982). Die vraag is dus: **Waar het die probleem ontstaan?**

1.2 DIE VERLEDE

In 'n poging om bogenoemde vraag te beantwoord, meen Leakey en Lewin (1992) dat daar gekyk moet word na probleme wat in die verlede ontstaan het en wat die mens gedoen het om dit te oorbrug. In die soeke na antwoorde moet ook gekyk word na hoe die mens geleef het om algemene

gesondheid te handhaaf.

The past is the key to the future (Leakey & Lewin, 1992:xv).

Die verbetering van die mens se lewensomstandighede ter wille van sy gesondheid kan in drie hoof fases verdeel word. Die eerste dramatiese verbetering is teweeggebring deur die ontwikkeling van tegnologie op landbougebied (Bachman, 1978; Gray & Fowler, 1983; Sagan, 1997). Vir die eerste keer in die mens se bestaan was kos redelik volop, en hy kon langer leef as gevolg daarvan. Dit was egter steeds baie moeilik om te oorleef, en omdat daar geen wetenskaplik nagevorsde medikasie was nie, was die geboorte- en sterftesyfer min of meer konstant, tot en met 1850 (Gray & Fowler, 1983). In die middel van die 19e eeu het die mens begin om die omgewing waarin hy leef, te identifiseer as 'n faktor wat 'n bepalende uitwerking op sy lewensgehalte en gesondheid het (Bachman, 1978). Die verbetering wat 'n direkte uitvloeisel hiervan was, was veral sigbaar tydens die industriële revolusie. Die derde fase wat 'n drastiese verbetering in die mens se lewensgehalte tot gevolg gehad het, was volgens Bachman (1978) die ontwikkeling op mediese gebied aan die begin van die 20e eeu. Dit het 'n reuse-impak op die mens se lewenstandaard gehad deurdat ernstige en lewensgevaarlike siektes byvoorbeeld voorkom kon word. Volgens Tannahill (2000) en King (2000) was dit 'n revolusionêre ontwikkeling wat die wêreld van daardie tyd heeltemal verander het. Daar is onder andere vooruitgang gemaak op die gebied van immunisering, snykunde en die ontwikkeling van antibiotika (Bachman, 1978; Smith, et al., 2000). Die ontwikkeling van entstowwe teen polio en masels het vir miljoene mense op aarde groot verligting gebring. Hedendaagse chroniese siektes was onbekend in die vroeë 20e eeu en het min voorgekom (Donaldson, 2000).

1.3 DIE PROBLEEM

Tiger (1979) en Burke (1980) het die evolusie van die mens nagevors en tot die slotsom gekom dat, gesien in die lig van die mens se hedendaagse dieet en aktiwiteitsvlakke, die moderne lewe nie strook met waarvoor die natuur die mens gevorm het nie.

Suffice it to say that most of us are not living the kind of life for which our evolutionary development prepared us (Dishman, 1988:75).

Die moderne arbeidsproses, met sy gemeganiseerde grondslag, hou egter nie slegs vir die mens gevaar in wat sy fisieke werking betref nie, maar ontnem hom ook sy skeppingsdrange (Botha, 1982; King, 2000). Die probleem het begin met die modernisering van die mens se omgewing, wat veroorsaak het dat fisieke aktiwiteit sterk afgeneem het, veral die laaste 50 jaar (Botha, 1982; Shephard, 1986; Donaldson, 2000; Pescatello & Van Heest, 2000).

Both the length of the working day and the amount of physical labor expended have been sharply reduced as a result of technological advances... However, the blessings of these advances can become detriments unless we as a people take positive steps to ensure that every American takes time for sufficient exercise (Kennedy, 1986:iv).

Toestande soos hartvatsiektes, hipertensie en obesiteit word volgens Sagan (1997) en Donaldson (2000) as “siektes van ons tyd” beskou. Verskeie outeurs is van mening dat dié hedendaags chroniese siektetoestande 75 jaar gelede nie eers onder die 10 grootste oorsake van sterftes was nie (Bachman, 1978; Gray & Fowler, 1983; Donaldson, 2000). Die mens moet attent gemaak word op die noodsaaklikheid van sy gesondheid vir sy voortbestaan op aarde (Kavanagh, 2000). Die mens was nog nooit voorheen soveel blootgestel aan faktore waarop die biologiese evolusie ons nie voorberei het soos vandag nie. Die mens staar dus ’n probleem in die gesig wat nadelige gevolge vir sy geestelike sowel as fisieke ontwikkeling inhou (Dishman, 1994). As ons die mens, en sodoende die gemeenskap, se algehele gesondheid wil verbeter, soos in die verlede gedoen is, sal ons strategieë moet ontwikkel om die chroniese siektetoestande van vandag te voorkom (Pescatello & Van Heest, 2000). Maniere moet gevind word om as teenvoeter te dien vir hierdie wegwyning van die mens se fisieke vermoëns. Een van die beste strategieë sal wees om die mens te motiveer om gesonder te leef, wat impliseer dat die mens weer, soos vroeër jare, fisiek aktief sal moet word om hipokinetiese siektes te voorkom (Sharkey, 1990).

Verskeie studies is in die verlede gedoen om die invloed van modernisering op die mens se gesondheid te bepaal. Dit sluit in studies oor die invloed van fisieke oefening op boere, poskantoorwerkers, staatsdiens- en spoorwegpersoneel se gesondheid (Taylor, 1962; Khan, 1963;

Zuti & Golding, 1975). Addisionele studies het gevolg oor die verwantskap tussen oefening en ouderdom en die invloed daarvan op die mens (Cooper, 1970; Pollock, 1974; Pollock et al., 1976). Daar is egter baie min literatuur beskikbaar oor die verwantskap tussen fisieke oefening en die persone wat verantwoordelik is vir wetstoepassing se algehele gesondheid.

Tydens die sewende jaarlikse kongres van die polisiehoofde van die VSA en Kanada in 1900 is maniere bespreek waarop polisiebeamptes se fisieke welstand en fiksheid verseker kon word (Conference Program of the Seventh Annual Convention of the Police Chiefs of the United States and Canada held in Cincinnati, 1900). In 1924 is 'n landswye opname gemaak van die beskikbare sportfasiliteite vir polisiebeamptes in Amerika (Crosser, 1924). Ongelukkig het vroeëre navorsing oor wetstoepassing en fiksheid egter geen volhoubare program voorgestel wat polisiebeamptes fiks en gesond kan hou nie. In hierdie verband verklaar Price et al. (1978:xvii) dat:

... the related studies and past and present interest of the police, however, have not provided a systematic determination of what the fitness and programmatic needs of the police are.

Die werk wat 'n polisiebeampte verrig, is grotendeels fisiek. Daarby behels dit boonop die hantering van hoë spanningsvlakke (Grobler, 2002:Onderhoud). Soms vereis polisiëring bomenslike fisieke vermoëns (Erasmus, 1999).

There is universal agreement that on-the-job physical requirements in law enforcement are extremely high at times and that officers should be capable of performing these physical feats when the occasion arises (Gettman, 1994:349).

Daar bestaan tans geen program vir fisieke instandhouding vir lede van die Suid-Afrikaanse Polisie-diens (SAPD) nie (Meier, 1998; De Beer, 2002:Onderhoud). Die SAPD is in die duister oor 'n eie beleid oor fisieke fiksheid. Meier (1998) meld dat dit wêreldwyd 'n tendens is dat lede van polisie-dienste geen inisiatief aan die dag lê om hulleself fisiek in stand te hou nie.

Yet, police officers show little initiative to keep themselves prepared to perform the varied physical requirements of the job (Gettman, 1994:349).

Fisieke fiksheid is 'n erkende noodsaaklikheid en vir alle mense van groot waarde wat hulle gesondheid betref (Dishman, 1988, 1994; Bouchard, et al., 1993). Dié stelling is veral relevant in gevalle waar persone se werk fisieke fiksheid vereis en hulle lewens op die spel is (Meier, 1998; Erasmus, 1999). Die meerderheid polisiebeamptes val in hierdie groep. 'n Gebrek aan fisieke fiksheid stel die polisiebeamptes self in gevaar, sowel as die mense om hom (Heyward, 1991; Bouchard et al., 1993; Gettman, 1994; Meier, 1998). Wat die probleem verder vererger, is dat polisie-administrateurs die probleem grootliks vermy. Berner en Kohls (1982:1) van Kalifornië stel dit soos volg:

In recent years, substantial evidence has pointed to the declining physical abilities and well-being of incumbent officers. The most telling indicators of this decline have been the dramatic increases in job-related injuries and disability retirements.

Wat nodig is, is die sistematiese ontwikkeling van 'n program vir fisieke evaluering wat sal verseker dat die SAPD se lede fisiek optimaal funksioneer (Meier, 1998). Volgens Gettman (1994: 351) moet die fokus eerder op fisieke gereedheid val.

The focus should be on the importance of having good fitness levels and regular activity programs to insure readiness for performing physically demanding tasks as well as reducing health problems that may occur as a result of the physically demanding tasks.

Dit wil voorkom of beamptes van die SAPD onaktief raak ná voltooiing van hulle basiese opleiding (Price et al., 1978; Gettman, 1994; Meier, 1998). Die fiksheidsvlak wat tydens opleiding bereik is, moet egter gehandhaaf word om te verseker dat die lede optimaal in 'n bepaalde pos funksioneer. Sonder die implementering van 'n beleid oor en program vir fisieke instandhouding is die geld en tyd wat tydens opleiding gespandeer word volgens Meier (1998) nutteloos. Norme vir fisieke keuring het geen nut as die vlak van fisieke fiksheid en gesondheid, soos deur die posprofiel bepaal, nie gehandhaaf word nie (Meier, 1998). Dit is dus belangrik dat die doel van die program vir fisieke fiksheid duidelik uiteengesit word. Die doelstellings moet spesifiek en meetbaar wees (Price et al., 1978; Meier, 1998). By die samestelling van die doelstellings moet die huidige vlak van fisieke fiksheid van al die beamptes in ag geneem word. Die program vir fisieke fiksheid moet polisiebeamptes in staat stel om te voldoen aan die fisieke vereistes wat aan hulle gestel word (Price et al., 1978; Meier, 1998).

Volgens Price et al. (1978) sal een van die eerste stappe wees om die algemene fiksheidsvlak van die beamptes te bepaal om 'n aanduiding te kry van die noodsaaklikheid van deelname aan sodanige fiksheidsprogram. Daarna moet 'n voorlopige ondersoek geloods word deur alle personeel- en departementele rekords na te gaan om onder andere die volgende inligting te bekom:

- (i) die gemiddelde ouderdom van beamptes;
- (ii) die aantal dae siekverlof wat jaarliks deur beamptes geneem word;
- (iii) die mediese redes vir vroeë aftrede; en
- (iv) die oorsake van natuurlike sterftes (Price et al., 1978).

Meganismes moet ook daargestel word om te verseker dat die norme vir fisieke instandhouding gehandhaaf word ná basiese opleiding. Daarbenewens moet spesiale programme ontwerp word om ouer lede wat nie aan die fisieke standarde voldoen nie, te motiveer om die gewenste fiksheidsvlak te bereik en dit te handhaaf (Meier, 1998). Die taak om na polisiebeamptes se fisieke en gesondheidsprobleme om te sien, blyk uit hierdie studie 'n uitvoerbare moontlikheid te wees.

1.4 PLIGTE VAN 'N POLISIEBEAMPTE

Volgens Artikel 5 van die Suid-Afrikaanse Polisiewet moet 'n polisiebeampte die volgende pligte uitvoer:

- (i) wet en orde handhaaf;
- (ii) misdaad voorkom;
- (iii) enige misdryf of beweerde misdryf ondersoek; en
- (iv) die land se burgers en hulle eiendom beskerm (Persal, 2002).

1.5 DIE NASIONALE SPORT EN REKREASIE-SEKSIE VAN DIE SAPD

Die SAPD se Sport en Rekreasie-seksie is op die been gebring om in polisiebeamptes se sport-behoeftes te voorsien. Na die transformasieproses in 1994 was beamptes onseker oor die toekoms van hulle beroepe in die SAPD (Servamus, 1996a). Hierdie onsekerheid was nie net in hulle optrede waarneembaar nie, maar ook in die wyse waarop hulle spanning hanteer en verwerk het.

Dit het vir die topstruktuur van die SAPD toenemend belangrik geword om na beamptes se fisieke, psigiese en kognitiewe welstand om te sien. Die destydse Nasionale Kommissaris, George Fivaz, het dit by verskeie sportgeleenthede beklemtoon dat hy 'n voorstander is van gesonde fisieke aktiwiteite om beamptes te help om hulle daaglikse werk suksesvol te kan doen (Servamus, 1996c). Op 1 Desember 1995 het die Direkoraat: Organisasoriese Gesondheid en Veiligheid tot stand gekom (Servamus, 1996f), wat die volgende seksies insluit: Beroepsgesondheid en -veiligheid, Polmed, Mediese Rade, Sport en Rekreasie-kantore, Biokinetika en Gestremde Sorg. Hierdie seksies funksioneer almal volgens dieselfde beginsels ten einde te verseker dat polisiebeamptes se belange voorrang geniet.

Die Direkoraat het in 1998 'n stille dood gesterf en Sport en Rekreasie is onder die Direkoraat: Hulpprofessies geplaas (Persal, 2002). Die subseksie Biokinetika is by Sport en Rekreasie ingelyf. Tans bestaan die Nasionale Sport en Rekreasie-seksie uit agt beamptes – wat na die hele SAPD se sportbehoefte moet omsien (De Beer, 2002:Onderhoud). 'n Organogram van die strukture van die huidige Nasionale Sport en Rekreasie-kantore is in Bylaag A vervat.

1.6 DEELNAME AAN SPORT EN REKREASIE IN DIE SAPD

1.6.1 BELEID OOR DEELNAME AAN SPORT EN REKREASIE IN DIE SAPD

Beamptes verbonde aan die SAPD staan in 'n unieke posisie wat sport- en rekreasiebeoefening betref. Daar is verskeie staande orders en regulasies uitgevaardig wat van toepassings is op die beoefening van sport in die SAPD. Staande Order 203 is van toepassing op beamptes verbonde aan die SAPD wat aangestel is onder die Polisie wet, Wet 106 van 1994 (Persal, 2002). Alle goedgekeurde sportsoorte, waaronder 66 tel, mag, soos werkomstandighede dit toelaat, tydens werksure beoefen word. Die huidige Staande Order 203 is in Bylaag B vervat.

1.6.2 BELEID OOR FISIEKE INSTANDHOUDING IN DIE SAPD

Volgens Artikel 24 van die Polisie wet kan die Nasionale Kommissaris regulasies aangaande die volgende uitvaardig:

- (i) die algemene bestuur, beheer en instandhouding van die Polisie; en
- (ii) die daarstelling en instandhouding van opleidingsinrigtings of -sentrums vir lede (Persal, 2002).

Volgens superintendent De Beer (2002:Onderhoud) kan die bewoording van Artikel 24 baie misleidend wees. 'n Beleid moet opgestel word wat duidelike riglyne vir fisieke instandhouding verskaf en stipuleer wie daarby betrek moet word (Oosthuizen, 2002:Onderhoud).

1.7 PRIMÊRE DOELSTELLINGS VAN HIERDIE STUDIE

Die primêre doelstelling van hierdie studie is die daarstelling van 'n program vir fisieke instandhouding vir die SAPD. Die program moet aan die volgende vereistes voldoen:

- (i) maklik implementeerbaar en bekostigbaar wees;
- (ii) in lyn wees met die kritieke fisieke werksvereistes soos voorgeskryf deur Meier (1998);
- (iii) 'n daadwerklike bydrae lewer tot die instandhouding van die fisiekegesondheidsvlak wat SAPD-lede se werk vereis;
- (iv) 'n integrale deel van die SAPD se beleid oor sportbeoefening uitmaak; en
- (v) 'n seksie vir fisieke instandhouding daarstel wat uitsluitlik daarna sal omsien dat SAPD-lede 'n bepaalde fisieke fiksheidsvlak bereik en nougeset handhaaf.

1.8 SEKONDÊRE DOELSTELLINGS VAN HIERDIE STUDIE

Die volgende sekondêre doelstellings word in die vooruitsig gestel:

Eerstens sal gepoog word om vas te stel wat die algemene fisieke toestand van die gemiddelde polisiebeampte is – bepaal volgens kardiovaskulêre fiksheid, krag, soepelheid, liggaamsamestelling, bloeddruk, bloedcholesterol- en bloedglukose-vlakke – sodat 'n program vir fisieke instandhouding daarvolgens ontwikkel kan word.

Tweedens sal gepoog word om te bepaal wat polisiebeamptes se algemene houding teenoor sport en rekreasie is. Hierdie inligting kan 'n reusebydrae tot die beplanning van die voorgestelde program vir fisieke instandhouding lewer.

Derdens sal gepoog word om vas te stel of daar 'n verband bestaan tussen die hoë medieseontslag- en natuurlikesterfte-syfer aan die een kant, en ontoereikende fiksheidsvlakke met gepaardgaande chroniese siektetoestande soos hartversaking, hipertensie, diabetes, laerugprobleme, obesiteit en psigiese agteruitgang aan die ander kant.

Laastens sal gepoog word om aan te toon wat die finansiële implikasies vir die SAPD is wat betref siektetoestande wat direk verband hou met onaktiwiteit en lae immuniteit.

1.9 HIPOTETIESE STELLING

Die SAPD verkeer tans in 'n krisis, en indien die probleem rondom die fisieke welstand van sy lede nie direk aangespreek word by wyse van 'n program vir fisieke instandhouding nie, gaan dit ernstige probleme op fisieke, geestelike, sowel as maatskaplike vlak tot gevolg hê.

HOOFSTUK II

DIE INVLOED VAN FISIEKE OEFENING OP FISIOLOGIESE STELSELS

This new world may be safer, being told/the dangers of diseases of the old (Donne, 1997:112).

2.1 INLEIDING

Vir die doel van hierdie studie sal daar in hierdie hoofstuk meer klem gelê word op die liggaam se organe en stelsels wat direk verband hou met beweging en die invloed van onaktiwiteit op sekere van hierdie stelsels. Die uitsondering van sekere stelsels beteken egter nie dat ander minder belangrik is nie; dit moet bloot gesien word as 'n metode om sekere aspekte rakende menslike beweging uit te lig. Die mens moet steeds as 'n handelende totaliteit gesien word. Alle anatomiese organe en fisiologiese stelsels bly deel van 'n geïntegreerde geheel (Meyer & Meij, 1987).

Lewende organismes word volgens twee omgewings gedefinieer: inwendig en uitwendig (Járos & Meyer, 1971; Meyer, 1983; Meyer & Meij, 1996; Olson, 1996; Martini & Welch, 1998). Die term “uitwendig” verwys na die feit dat die liggaam aan prikkels in die eksterne omgewing blootgestel is. “Inwendig” verwys na die verbinding van die vloeistowwe wat die liggaamselle omring. Claude Bernard was die eerste persoon wat die belangrikheid van hierdie omgewing beklemtoon het (Meyer & Meij, 1996; Martini & Welch, 1998). Volgens Bernard is 'n onveranderlike inwendige omgewing 'n absolute vereiste vir 'n onbelemmerde, vry en selfstandige lewe. Alle lewende organismes het net een primêre doel, naamlik om die toestande in die inwendige omgewing konstant te hou (Járos & Meyer, 1971; Van Niekerk, 1980; Olson, 1996). Walter B. Cannon, 'n beroemde Amerikaanse fisioloog, het die term “homeostase” voorgestel om die konstantheid van die samestelling van liggaamsvloeistowwe te beskryf. In teenstelling met Bernard se beskouing is homeostase volgens Cannon nie 'n rigiede, onveranderlike toestand nie (Meyer, 1983; Rohen et al., 1996). 'n Mate van variasie, hoewel gering, word toegelaat. Bloedglukose varieer byvoorbeeld tussen 3,3 en 6,2 mol per liter (m/l) en liggaamstemperatuur tussen 36,9 en 37,2° C. As die waarde van een van die stelsels egter te hoog styg, word die self funksies ontwrig en kan die dood vinnig intree. Siektoestande weerspieël eintlik net 'n verstoring in die inwendige omgewing (Rohen et

al., 1996; Olson, 1996). Die begrip “homeostase” is mettertyd uitgebrei om toestande soos bloeddruk en cholesterolvlakke in te sluit.

Die behoud van homeostase in die liggaam is ’n deurlopende tema in hierdie navorsingstudie.

2.2 KINANTROPOMETRIE

Kinantropometrie plaas ’n persoon in objektiewe fokus en voorsien die navorser van ’n duidelike beeld van die betrokke persoon se strukturele potensiaal en status (Klippers, 2000). Kinantropometrie voorsien dus die noodsaaklike struktuur en basis vir die keuses wat tydens fisieke evaluering uitgeoefen kan word (Clarke & Clarke, 1987; Russo et al., 1992; Klipper, 2000).

Kinantropometry has been defined as the quantitative interface between anatomy and physiology, or between structure and function. It is an emerging scientific specialization that employs measurements to appraise human size, shape, proportion, maturation and gross function that explores difficulties relating to growth, exercise, performance and nutrition (Macdougall et al., 1991:223).

Macdougall et al. (1991:223) het kinantropometrie in afdelings verdeel om dit beter verstaanbaar te maak. Tabel 1 gee ’n uiteensetting van dié verskillende afdelings.

TABEL 1: Die verskillende afdelings waarin kinantropometrie verdeel kan word (Macdougall et al., 1991:223).

IDENTIFISERING	SPESIFIKASIE	AANWENDING	TOEPASLIKHEID
Kinantropometrie = MENSLIKE BEWEGINGSKUNDE	Die bestudering van die liggaam se GROOTTE VORM VERHOUDINGS SAMESTELLING ONTWIKKELING FUNKSIES	Om ons ’n beter begrip te gee van GROEI OEFENING PRESTASIE VOEDING	Dit het implikasies vir DIE MEDIESE VELD OPVOEDKUNDE DIE GEMEENSKAP

Kinantropometrie omsluit alle strukture en funksies van die menslike wese (Hougaard, 1995). Somatotipe word ook in verband gebring word met die veranderlikes van kinantropometrie, naamlik fisieke volwassenheid, liggaamsamestelling, fisieke prestasie en voeding (Hougaard, 1995).

2.2.1 ANTROPOMETRIE (STRUKTUUR)

Die woord “antropometrie” is ’n samestelling van antropo-, ’n afleiding van die Griekse woord *antrophos*, wat “man” of “mens” beteken, en -metrie, wat “meting” beteken. “Antropometrie” beteken dus letterlik: meting van die mens (Clarke & Clarke, 1987; Housh et al., 1989; Lübbert, 1991; Klippers, 1999).

Liggaamsmeting sluit ook breedte-, omtrek-, lengte- en velvoumeting in (Clarke & Clarke, 1987; Lübbert, 1991). Dit word gebruik om ’n beter begrip van ’n individu se liggaamsbou, voorkoms en fisieke toestand te kry (Housh et al., 1989; Shepard & Åstrand, 1992). Verskillende groepe, ouderdomme, geslagte en rasse kan met mekaar vergelyk word (McArdle et al., 1986; McArdle et al., 1994). Longitudinale vergelykings is getref om vaste norme daar te stel waarmee individue se resultate vergelyk kan word en waarvolgens dié resultate herevalueer kan word (Clarke & Clarke, 1987; Wilmore & Costill, 1994). Daar kan dus gesê word dat ’n individu min of meer ’n sekere tipe liggaamsbou vir ’n spesifieke sportsoort moet hê (Lübbert, 1991; Schnirring, 2001).

Antropometriese metings kan in drie groepe ingedeel word, naamlik:

- (i) grootte-metings;
- (ii) struktureleomtrek-metings; en
- (iii) komposisie-metings (Klippers, 2000).

It is the science of measuring the human body and its parts (Macdougall et al., 1991:224).

2.2.1.1 LIGGAAMSAMESTELLING (SOMATOTIPE)

Liggaamsamestelling is ’n term wat gebruik word om die verskillende komponente van die liggaam te beskryf (Klippers, 1999). Hoe ’n liggaamsbou lyk, word hoofsaaklik geneties bepaal, maar word gewoonlik deur liggaamlike aktiwiteite en dieet beïnvloed (McCord et al., 1989; Lübbert, 1991;

Pescatello & Van Heest, 2000; Mayhew et al., 2001). Volgens Clarke en Clarke (1987) het William Sheldon en sy medewerkers die menslike liggaam in komponente verdeel, wat riglyne voorsien vir navorsers wat atlete of individue liggaamlik van mekaar wil onderskei. Antropometriese gegewens word dus gebruik om 'n liggaamsamestelling te bepaal (Lübbert, 1991; Schnirring, 2001).

Die drie hoof- strukturele komponente van die menslike liggaam is spiere, been en vet (McArdle et al., 1994). Liggaamsamestelling speel 'n spesifieke rol in sportprestasie (Parizkova et al., 1987; Sharma & Shukla, 1988; De Lorenzo et al., 2000). Dit beïnvloed byvoorbeeld uithouvermoë tydens harde oefening en kompetisie (Shephard & Åstrand, 1992; Blake et al., 2000; De Lorenzo et al., 2000). Dishman et al. (1980:574) maak 'n belangrike stelling oor liggaamsamestelling en volgehoue oefening:

The decision to adhere to or to drop out of a prescribed exercise programs appears to be largely dependent upon body composition.

■ PRIMÊRE KOMPONENTE

William Sheldon en sy medewerkers het die menslike liggaam, ná volgehoue studie en navorsing, in drie komponente verdeel, naamlik:

- (i) endomorf (vetkomponent);
- (ii) mesomorf (spierkomponent); en
- (iii) ektomorf (skraalheidskomponent).

Volgens Sheldon bestaan die menslike liggaam uit 'n kombinasie van al drie dié komponente (Eisenman & Johnson, 1982; Klippers, 2000). Clarke en Clarke (1987) deel hierdie oortuiging.

Die **endomorf** word gekenmerk deur 'n ronde, sagte voorkoms. Ander kenmerke is 'n groot, ronde kop; kort, dik nek; breë bors; kort arms; breë boude, en kort, dik bene. Hierdie figure se abdominale gedeelte is dominant in verhouding tot die torakale gedeelte (Klippers, 1999).

Die **mesomorf** word uitgekien aan 'n harde en prominente spierstelsel. Die beendere is groot en met groot, dik spiere bedek. Ander kenmerke is prominente gesigsbeendere; 'n sterk, dik nek; 'n bors

wat groter is as die maag; breë skouers; prominente sleutelbene; gespierde bo- en voorarms; 'n klein middel, en gespierde bobene (Klippers, 1999). Die romp is normaalweg regop en die trapesius- en deltoïedspiere taamlik groot. Die meeste sportlui val in hierdie kategorie (Klippers, 1999).

Die **ektomorf** word gekenmerk deur 'n delikate liggaamsbou en 'n fyn beenstruktuur. Ander kenmerke is 'n groot kop met 'n prominente voorkop; lang arms; skraal boude, en lang, maer bene. Dit beteken egter nie noodwendig dat die persoon lank is nie. Lumbale en abdominale kurwes is plat, terwyl die torakale kurwe relatief skerp en geboë is. Die skouers is gewoonlik smal en die skapula steek baie duidelik uit (Klippers, 1999).

Soos reeds genoem, bestaan daar geen suiwer tipe nie; elke individu is opgebou uit al drie komponente, maar in wisselende hoeveelhede (Clarke & Clarke, 1987; Klippers, 1999; Klippers, 2000).

As a result, the athletes are ectomesomorphic while non-athletes show a tendency towards the centre of the somato chart (Sharma & Shukla, 1988:198).

'n Somatogram word gebruik om die patroon van komponent-oorheersing grafies aan te dui. Erasmus (1999) het aangedui dat die ideale polisiebeampte in die SAPD 'n ektomesomorf-liggaamsamestelling moet hê. 'n Visuele voorstelling van die ideale polisiebeampte met 'n ektomesomorf-liggaamsamestelling is in Bylaag C vervat.

2.3 FISIEKE FIKSHEID (FUNKSIE)

Navorsers en wetenskaplikes het 20 tot 30 dertig jaar gelede voortdurend geargumenteer oor die verkillende definisies van “fisieke fiksheid”. Dié argumente het egter gewoonlik geëindig met die vraag: “**Fisieke fiksheid! Vir wat?**” (De Vries, 1986).

Daar bestaan talle definisies en omskrywings van die begrip “fisieke fiksheid”. Dit hou verskillende betekenisse vir verskillende mense in. In die nywerheid word fisieke fiksheid gesien as 'n eienskap wat produksie sal verhoog, terwyl die sportman dit as 'n voorvereiste vir beter prestasie sien

(Mathews, 1978, Bennett & Bondi, 1981; Franks, 1989). Vir die persoon wat op sy sterfbed lê, sal fisieke fiksheid die minimum betekenis hê, maar vir die hoogs kompeterende atleet, die maksimum betekenis (Fox et al., 1993). Volgens Ford (1990) en Shephard (1994) hou fisieke fiksheid direk verband met die individu se fisiologiese eienskappe en kan dit ten beste as 'n funksionele konsep verstaan word. Shephard (1994) is ook van mening dat om fisiek aktief te wees, 'n persoon se lewensgehalte verbeter.

Fisieke fiksheid kan beter verstaan word as dit in verband gebring word met die eise wat die omgewing aan die mens stel, byvoorbeeld die vermoë om teen spanning en vermoeienis te veg, asook om voldoende energie te hê om 'n vol lewe te lei (Lamb, 1978; Caspersen et al., 1985; Shephard & Åstrand, 1992; Kujala et al., 2000).

Physical fitness implies an optimal combination of those physical, physiological, biochemical, biomechanical and psychological characteristics that contribute to competitive success (Shephard & Åstrand, 1992:3).

Caspersen et al. (1985), Greenberg et al. (1995) en Blake et al (2000) verdeel fisieke fiksheid in vier dele, naamlik spierkrag en spieruithouvermoë, kardiovaskulêre uithouvermoë, soepelheid en liggaamsamestelling. 'n Noodsaaklike deel van fisieke fiksheid is fisieke oefeninge. Volgehoue fisieke aktiwiteite kan kardiovaskulêre siektes voorkom (Kujala et al., 2000). Fisieke fiksheid is dus meer as om gesond te wees! Volgens Corbin (1987) is fisieke fiksheid die resultaat van verskeie faktore, waaronder 'n gebalanseerde dieet, voldoende rus, gesonde lewensgewoontes, asook goeie mediese en tandheelkundige sorg.

Physical fitness is the ability to carry out daily tasks with vigor and alertness, without undue fatigue, and with ample energy to engage in leisure pursuits and to meet emergency situations (Clarke, 1979:28).

Volgens Mathews (1978) kan fisieke fiksheid in die volgende drie onderafdelings ingedeel word:

- (i) sielkundige fiksheid, wat beteken dat 'n persoon in staat is om emosionele stabiliteit te handhaaf, asook om reserwes op te bou om 'n skielike emosionele trauma te hanteer;
- (ii) die gesondheid om normale fisiologiese funksies te kan handhaaf; en
- (iii) goeie liggaamsmeganika, wat beteken dat 'n persoon in staat is om daaglikse bewegings soos sit, loop en staan uit te voer.

Fisieke fiksheid is noodsaaklik om ten volle méns te kan wees (Clarke & Clark, 1987). Fiksheid, emosioneel en fisiek, behoort elke mens wat 'n produktiewe lewenstyl wil handhaaf, se doel te wees (Suzuki et al., 1998).

Franks (1989) is van mening dat iemand wat fiks is, die volgende fundamentele eienskappe besit: kardiovaskulêre fiksheid, psigologiese krag, suksesvolle interpersoonlike verhoudings, 'n normale vetpersentasie, voldoende krag, voldoende soepelheid en 'n gesonde lae rug. Dit is belangrik dat die individu voldoende oefening kry om fisieke fiksheid te bereik en te handhaaf om sy dagtaak te kan verrig, asook om noodsituasies die hoof te kan bied (Shephard, 1978; Clarke, 1979; Caspersen et al., 1985; Cureton, 1987; Lowden & Gordon, 1991; Shephard, 1995). Donaldson (2000) sê dat fisieke fiksheid een van die beste maniere is om 'n gesonde gemeenskap te bevorder. Volgens Tuero et al. (2001) verdubbel fisieke onaktiwiteit die risiko vir chroniese hartvatsiektes, hipertensie en obesiteit.

Soos reeds genoem, is fisieke fiksheid noodsaaklik vir die alledaagse lewe; soveel te meer as 'n gebrek daaraan die individu, soos 'n polisiebeampte, se lewe in gevaar stel (Fleisman, 1979, Rhyan, 1996). 'n Polisiebeampte wat fisiek fiks is, sal dus nie net sy werk beter kan doen nie – dit kan ook sy lewe red.

Fisieke fiksheid hou ook die volgende voordele in, soos deur Hoffman en Collingwood (1995:1) beskryf:

Visionary administrators as well as police on the beat come to realize that an officer who is fit will perform better, be healthier, and cost the agency less money in sick time, disability and liability.

Superko et al. (1988) sê die hoër medisyne- en rehabilitasiekostes regverdig 'n program vir fisieke instandhouding vir polisiebeamptes. Volgens Rhyan (1996) verwag die gemeenskap dat polisiebeamptes fisiek fiks moet wees. Jones (1992) is dit eens met Rhyan (1996) en voeg by dat fisieke fiksheid 'n kritieke rol speel in polisiebeamptes se uitvoering van hulle daaglikse pligte.

In today's world of police work, police officers are expected to be physically fit. In fact, their lives may depend on their level of physical conditioning (Rhyan, 1996:31).

2.3.1 KOMPONENTE VAN FISIEKE FIKSHEID

2.3.1.1 KARDIOVASKULÊRE FIKSHEID (VO_2 maks)

Die hart en bloedvate vorm gesamentlik 'n geslote stelsel, waarin twee hoof funksies onderskei kan word:

- (i) longsirkulasie; en
- (ii) sistemiese sirkulasie – sirkulasie deur die res van die liggaam.

Die hart vorm die skakel tussen dié twee en funksioneer as 'n “pomp” vir albei (Brink & De Kock, 1978; Van Niekerk, 1980; Meyer, 1983).

Kardiovaskulêre fiksheid kan gedefinieer word as die vermoë van die hart, longe en bloedvatstelsel om die liggaamselle tydens langdurige arbeid van voldoende suurstof te voorsien, asook om die “afvalprodukte” wat weens uitputting ontstaan, te verwyder (Shephard & Åstrand, 1992; Noakes, 1998; Lemura et al., 2000; Tuero et al., 2001).

'n Individue se kardiovaskulêre uithou vermoë word bepaal deur die meting van sy maksimale aërobiese uithou vermoë – ook genoem VO_2 maks (Franklin et al., 1989). Daar moet onthou word dat suurstofverbruik lineêr toeneem met verhoogde fisieke aktiwiteit, maar net tot op 'n sekere punt (Franklin et al., 1989; Wilmore & Costill, 1994; McArdle et al., 1994; Calbet et al., 2001). Elke individu bereik 'n drempel waar die moontlikheid van suurstofmetabolisme ophou en hy energie anaërobies (in die afwesigheid van suurstof) moet metaboliseer. Hierdie plato of drempel word 'n persoon se VO_2 maks genoem (V = volume; O_2 = suurstof; maks = maksimum) (Wilmore & Costill, 1994; McArdle et al., 1994). Macdougall et al. (1991:223) definieer VO_2 maks soos volg:

A quantitative equivalent to the maximum amount of oxygen that can be consumed per unit of time by an individual during large muscle group activity of progressively increasing intensity that is continued until exhaustion.

Kardiovaskulêre uithou vermoë word deur die volgende faktore beïnvloed: ouderdom, oorerflikheid, onaktiwiteit, siektetoestande, liggaamsamestelling, hoogte bo seespieël, bloedvolume en geslag (Franklin et al., 1989; McArdle et al., 1994). Franklin et al. (1989) en Kujala et al. (2000)

sê egter dat VO_{2max} spesifiek baie sterk geneties bepaal word. McArdle et al. (1994:130) som dit só op:

The genetic effect is estimated at about 25% - 40% for VO_{2max} .

Abernethy et al. (1996) is van mening dat ten minste 50% van 'n persoon se aërobie en anaërobie vermoëns deur oorerflikheid bepaal word, terwyl Bouchard et al. (1990) sê dat VO_{2max} tot 80% geneties is en slegs sowat 20% daarvan deur omgewingsfaktore bepaal word.

Kardiovaskulêre fiksheid speel 'n sleutelrol in algehele fiksheid (Adams, 1994). Aktiwiteite soos draf, swem, roei, touspring en stap kan kardiovaskulêre fiksheid bevorder (Peterson, 1986; Clarke & Clarke, 1987). Kardiovaskulêre fiksheid is dus die basis van 'n individu se fiksheidsvlak.

VO_{2max} is a valuable measure of physical fitness, importantly influenced by habitual levels of exercise, that can be increased by shifting from a sedentary to a very active level of habitual physical activity (Tuero et al., 2001:65).

Verskeie outeurs is van mening dat VO_{2max} slegs tussen 10% en 30% verhoog kan word (Bennett & Bondi, 1981; Åstrand, 1987; Franklin et al., 1989; Shephard & Åstrand, 1992; Wilmore & Costill, 1994; Noakes, 1998). Tog sê McArdle et al. (1994) dat 'n individu wat oorgewig en onaktief is se VO_{2max} met tot 50% kan verhoog.

VO_{2max} verhoog omdat die volgende veranderinge in die liggaam plaasvind: die slagvolume (die volume bloed wat 'n ventrikel per kontrakisie uitpomp) verhoog, die hartomset (slagvolume x harttempo) vergroot, die kapillêre netwerk in die spiere vergroot en die aantal mitochondria vermeerder, en ensiemmetabolisme in die spiere verbeter (Kiessling et al., 1974; Meredith et al., 1989; Noakes, 1998; Billat et al., 2001). Lemura et al. (2000) beaam hierdie stelling.

Hong et al. (2000) is van mening dat 'n afname in kardiovaskulêre uithouvermoë en funksionele kapasiteit as gevolg van veroudering vertraag kan word deur fisieke oefening. McArdle et al. (1994) stem saam, en noem dat atlete soos Roger Walker van Nieu-Seeland op 40 jaar nog steeds die myl onder vier minute kon hardloop.

Åstrand en Rodahl (1986), asook Burnztyl (1992) sê dat top-langafstandatlete konstante hoë VO₂maks-vlakke het. Wilmore en Costill (1994) is van mening dat top-marathonatlete se VO₂maks wissel van 70 ml/kg/min tot 93 ml/kg/min. Wilmore en Costill (1994) sê 'n persoon se VO₂maks bereik 'n plato na 18 maande van optimaal strawwe oefening. Dié stelling word deur McArdle et al. (1994) beaam. Suzuki et al. (1998) meen dat indien 'n persoon 'n VO₂maks van slegs 44 ml/kg/min het, sy kanse om 'n hartaanval te kry, relatief skraal is.

Barnard en Anthony (1980:23) is van mening dat brandweermanne se fiksheidsvlakke hoog moet wees om beserings te voorkom:

Injuries commonly occur when individuals become fatigued.

Jones (1992:257) meen dat fisieke fiksheid 'n enorme rol speel in polisiewerk:

Endurance, strength, and physical conditioning are often critical factors in determining the outcome of an encounter between officers and law-breakers.

Die probleem is egter dat heelwat polisie-administrateurs fisieke fiksheid as tydmors bestempel (Jones,1992). Price et al. (1978:3) het meer as twee dekades gelede al gesê:

... the police have been and are cognizant of the need for their members to be physically fit.

Superko et al. (1988:133) is van mening dat programme vir fisieke instandhouding verpligtend moet wees:

... mandatory fitness programs are more successful than voluntary programs in improving cardiovascular fitness.

Vroulike polisiebeamptes in Amerika doen dubbeld soveel beserings as hulle manlike kollegas op (Wilmore & Davis, 1979). Dié skrywers skryf dit toe aan swak fisieke uithouvermoëns. Hulle meen dat polisiebeamptes wel fisiek fiks is as hulle die polisie-akademie in Amerika verlaat, maar dat die meeste hulle fisieke vermoëns verloor as gevolg van 'n onaktiewe lewenstyl:

... the average officer graduates from the academy in excellent physical condition, [but] the normal sedentary nature of the officer's job leads to a rapid deterioration in physical fitness (Wilmore & Davis, 1979:37).

Meier (1998) is van mening dat die gemiddelde polisiebeampte in die SAPD 'n VO_2 maks van 42 - 44 ml/kg/min moet hê om suksesvol te kan wees in die uitvoering van sy dagtaak. Erasmus (1999) meen egter dat beamptes verkieslik oor 'n VO_2 maks van minstens 50 ml/kg/min moet beskik.

2.3.1.2 SPIERKRAG

Spierkrag is die vermoë van 'n spier om krag teen 'n weerstand uit te oefen (Wilmore, 1986). Spierkrag kan ook gedefinieer word as die maksimum krag wat met 'n enkele spiersametrekking uitgeoefen kan word (Sharkey, 1984; Sharkey, 1990; Adams, 1994). Alle individue, ongeag geslag of ouderdom, kan hulle spierkrag verbeter by wyse van neurale aanpassing, met gepaardgaande hipertrofie van die spiere. Jong mans maak egter meer staat op hipertrofie van die spiere vir spierkragverbetering (Brooks & Fahey, 1985; Bouchard et al., 1990).

Spierkrag word deur die volgende faktore beïnvloed: die grootte van 'n bepaalde spier, die graad van soepelheid om die gewrig, die spoed van aksie, die spier se lengte wanneer dit geaktiveer word, die hoeveelheid motoriese eenhede wat in die spier geaktiveer word, en die tipe motoriese eenheid wat geaktiveer word (Wilmore & Costill, 1994).

Krag kan volgens Sharkey (1984), Bouchard et al. (1990), Lepers et al. (2000) en Mayhew et al. (2001) in drie tipes verdeel word:

- (i) isometriese krag: krag wat uitgeoefen word teen 'n voorwerp wat nie beweeg kan word nie (om 'n persoon se maksimale krag te toets);
- (ii) isokinetiese krag: wringkrag wat met duur hidroliese en elektroniese apparaat gemeet word; en
- (iii) isotoniese of dinamiese krag: krag wat uitgeoefen word om die maksimum gewig wat in een repetisie opgetel kan word, op te tel.

Weerstandsoefeninge kan spierkrag oor 'n tydperk van etlike maande met tussen 20% en 100%

verbeter.

Ouer persone se kapasiteit vir hipertrofie is beperk, dus vind spierkragverbetering by hulle hoofsaaklik deur middel van neurale faktore plaas (Abernethy et al., 1996).

Volgens Abernethy et al. (1996) sal spierkrag konstant gehou kan word met die minimum aantal oefensessies. Indien die oefenintensiteit konstant gehou word, kan die oefenvolume met tot 50% verminder word sonder dat veel spierkrag ingeboet word. Dit is nie net liggaamsbouers en gewigoptellers wat baat vind by kragoefeninge nie; enige persoon wat een of ander vorm van kragoefeninge doen, sal die voordele daarvan geniet (Sharkey, 1990; Westcott et al., 2001).

Strength and muscle endurance are making a comeback based on sound health benefits and what they do for appearance, self-concept, safety, and performance (Bouchard et al., 1993:150).

Blake et al. (2000:170) stel die belangrikheid van spierkrag soos volg:

Muscular strength and endurance is an important component of fitness, since adequate muscular capabilities assist an individual in going about his or her activities of daily living.

Hong et al. (2000) meen dat spierkrag in ouer persone belangrik is om te voorkom dat hulle onnodig val. Rhodes et al. (2000) het bevind dat ouer persone se spierkrag met tot 50% kan toeneem ná 'n jaar se oefening met gewigte.

Rhodes et al. (2000) het verder bevind dat 28% mans en 66% vrouens bo 74 jaar glad nie 'n gewig swaarder as 4,5 kilogram kan optel nie. Hunter et al., (2001) beaam dié bevinding en voeg by dat oefeninge met gewigte nie net ouer persone se krag laat toeneem nie, maar ook help om hulle metabolisme te versnel en hulle meer soepel te maak. Charette et al. (1991) en Cress et al. (1991) het ook bevind dat ouer persone se krag toeneem deur met gewigte te oefen. Westcott et al. (2001:154) gaan verder en sê dat oefening met gewigte die volgende voordele het, wat deur Fields et al. (2001) beaam word:

... properly done, resistance training increases strength, muscle mass, bone mineral density, functional abilities, and hence potentially reduces morbidity and premature mortality.

Volgens die American College of Sports Medicine (1990) moet elke oefenprogram vir kardio-vaskulêre uithouvermoë 'n kragprogram insluit. Knapik et al. (1993) en Adams (1994) is van mening dat kragoefeninge algemene beserings kan voorkom, veral in die werksplek. Barnard en Anthony (1980) meen ook dat krag, veral greepkrag, uiters belangrik is vir individue se veiligheid. Erasmus (1999) is van mening dat krag uiters belangrik is vir polisiebeamptes se veiligheid, asook dié van die persone wat hulle moet beskerm.

2.3.1.3 SOEPELHEID

Een van die komponente van fisieke fiksheid wat die meeste vermy word, is soepelheid (Wallin et al., 1979; Siff, 1984; Möller et al., 1985). Heelwat tyd word aan kragoefeninge, stamina, styl en spoed spandeer, maar min of geen tyd aan soepelheidsoefeninge nie (Siff, 1984).

Soepelheid is die vermoë om 'n liggaamsgewrig in sy volle bewegingsomvang uit te voer (McNaught-Davis, 1991). Normale beweeglikheid is nie net baie belangrik vir die doeltreffende uitvoering van bewegings wat deur sportsoorte vereis word en die voorkoming van sportbeserings nie, maar ook in die daaglikse lewe – wat die rede is waarom soepelheid as 'n belangrike komponent van fisieke fiksheid gesien word (Hortobagyi et al., 1985; Cornelius et al., 1988; Gabbard, 1992). 'n Gebrek aan soepelheid kan ook aanleiding gee tot beserings en laerugprobleme (Hong et al., 2000).

■ VOORDELE VAN SOEPELHEIDSOEFENINGE

Soepelheid kan:

- (i) beserings voorkom;
- (ii) vermoeienis vertraag;
- (iii) die omvang van bewegings vergroot;
- (iv) vaardigheid en doeltreffendheid verbeter;
- (v) spierpyne voorkom en verlig;
- (vi) atlete se sportlewe verleng; en
- (vii) 'n meer ontspanne ingesteldheid teenoor die lewe teweegbring (Price et al., 1978; Wallin

et al., 1979; Siff, 1984, Alter, 1988; Hong et al., 2000; Shrier & Gossal, 2000).

Hong et al. (2000:32) sê die volgende oor soepelheid:

The development and maintenance of some level of flexibility are important components of a general health enhancement programme, and are even more so during the aging process.

Cornelius et al. (1988) en Shrier (2000) is dit eens dat soepelheidsoefeninge voor en na afloop van ander oefeninge gedoen moet word.

Soepelheid in 'n spesifieke gewrigsarea beteken nie dat 'n persoon soepel is in 'n ander gewrigsarea nie (Siff, 1988). Bobo en Yarbrough (1999) beveel aan dat 'n algemene soepelheidprogram gevolg moet word wat die verbetering van liggaamsbewegings oor die algemeen sal verseker.

Daar is basies vier maniere waarop soepelheid verhoog kan word: met ballistiese, statiese, passiewe en kontraksie-soepelheidsoefeninge (Wallin et al., 1979; Alter, 1988). Statische en passiewe soepelheidsoefeninge word die meeste voorgeskryf en gedoen (Siff, 1984).

■ FAKTORE WAT SOEPELHEID BEÏNVLOED

Faktore wat soepelheid beïnvloed, is volgens Hubley et al. (1984):

- (i) onaktiwiteit: aktiewe persone is meer soepel as onaktiewe persone;
- (ii) ouderdom: hoe ouer 'n persoon word, hoe minder soepel word hy;
- (iii) geslag: vrouens is oor die algemeen meer soepel as mans;
- (iv) temperatuur: soepelheid verhoog met 'n toename in spiertemperatuur;
- (v) tipe gewrig: soepelheid is spesifiek tot elke gewrig, met ander woorde, 'n persoon se heupgewrig kan dalk soepel wees, maar glad nie sy skouers nie; en
- (vi) tipe beweging: die beweging van 'n gewrig kan een of al drie tipes verplasing veroorsaak:
 - fleksie – ekstensie
 - adduksie – abduksie
 - rotasie.

Die vereiste graad van soepelheid verskil vir elkeen van dié bewegings (Siff, 1984).

Erasmus(1999) beveel aan dat SAPD-lede soepel moet wees omdat soepelheid beserings kan voorkom.

2.4 OEFENVOORSKRIFTE VIR OPTIMALE FIKSHEID

Volgens die American College of Sports Medicine (1990) word die vrae: **Hoeveel oefening is genoeg?** en: **Watter tipe program is die beste vir fisieke instandhouding?** dikwels gevra.

2.4.1 INTENSITEIT

Daar is 'n lineêre verhouding tussen harttempo en suurstofverbruik (Price et al., 1978). Intensiteit kan uitgedruk word as die persentasie van die maksimale harttempo, of $VO_{2\text{maks}}$ (Calbet et al., 2001). Bennett en Bondi (1981) stel voor dat die intensiteit van oefeninge teen tussen 60% en 70% van die maksimale harttempo, of 50% - 60% van $VO_{2\text{maks}}$ moet geskied.

Volgens Lemura et al. (2000) is intensiteit die belangrikste faktor in die verhoging van $VO_{2\text{maks}}$. Navorsers is dit eens dat 'n persoon se $VO_{2\text{maks}}$ wel verhoog met lae-intensiteit-oefeninge, maar stem ook saam dat die grootste verbetering voorkom as die intensiteit van die oefeninge hoog is (Lemura et al., 2000). Aktiwiteite met 'n lae intensiteitsvlak, soos gholf en rolbal, verander byvoorbeeld bitter weinig aan die kardiovaskulêre vlakke, terwyl aktiwiteite met 'n hoë intensiteitsvlak, soos draf, fietsry en swem, 'n duidelike verhoging van $VO_{2\text{maks}}$ -vlakke tot gevolg het.

'n Sekere vlak van intensiteit is nodig om die aërobiese kapasiteit van die liggaam te verhoog. Dié vlak van intensiteit word gewoonlik die “drempel van intensiteit” genoem. Hierdie drempel verander in ooreenstemming met geslag, ouderdom, fiksheid- en gesondheidsvlak.

Verskeie outeurs het al probeer vasstel wat die drempel van intensiteit is wat die grootste verandering in $VO_{2\text{maks}}$ teweegbring (Price et al., 1978). Shephard (1968) het tot die slotsom gekom dat die intensiteit van die inspanning relatief is tot die persoon se aanvangs- $VO_{2\text{maks}}$.

Winett (2000: 377) sê die volgende oor intensiteit:

... there was considerable evidence for the importance of intensity and frequency in aerobic training but little evidence for a specific duration.

Tog vind Shephard (1968) en Sidney et al. (1972) dat persone hulle $VO_{2\text{maks}}$ genoegsaam kan verhoog met lae-intensiteit-oefeninge. Die groot verbetering wat getoon is ten opsigte van $VO_{2\text{maks}}$ tydens lae-intensiteit-oefeninge was waarskynlik as gevolg van 'n lae aanvangs- $VO_{2\text{maks}}$.

... the greatest improvements in $VO_{2\text{max}}$ were evident after engaging in highly intense endurance training (Lemura et al., 2000:8).

Billat et al. (2001) wys daarop dat kort sessies van hoë-intensiteit-oefeninge die grootste verhoging van $VO_{2\text{maks}}$ -vlakke tot gevolg het. Billat et al. (2001) kom tot die slotsom dat intensiteit die belangrikste faktor is wat oefeninge betref en dat dit die grootste rol speel in die verhoging van $VO_{2\text{maks}}$. Volgens die American College of Sports Medicine (1990) is dit slegs nodig om teen 50% - 60% van die maksimale harttempo te oefen om $VO_{2\text{maks}}$ -vlakke in stand te hou, asook om hipokinetiese siektetoestande te voorkom.

2.4.2 TYDSDUUR

Die tydsduur van 'n oefening word gedefinieer as die tyd wat die intensiteit van die oefening volgehou word om die doel van die oefening te bereik (Price et al., 1978; Shephard et al., 1982; Calbet et al., 2001). Shephard (1968) en Shephard (1977) het met verskeie oefensessietye vir die optimale verhoging van fiksheidsvlakke geëksperimenteer en het bevind dat daar 'n verhoging in 'n persoon se $VO_{2\text{maks}}$ is al hardloop hy slegs 10 minute per dag. Tog sê Shephard (1968) dat die beste program vir die optimale verhoging van $VO_{2\text{maks}}$ 'n kombinasie van tydsduur, intensiteit en frekwensie is.

Volgens Rebelo et al. (1998) en Shephard (1998) onderdruk kort, intense oefeninge die immuunstelsel, maar keer dié stelsel na 20 uur weer terug na normaal. Rebelo et al. (1998) is van mening dat voeding, rook en medikasie die immuunstelsel kan beïnvloed. Hierdie navorsers se gevolg-

trekking is dat die volume en intensiteit van oefening die grootste invloed op die immuunstelsel het.

Significantly diminished T cell numbers are reported in athletes after a period of intensive training (Rebello et al., 1999:261).

Shephard (1998) stel 'n lae-intensiteit-oefenprogram van 45 minute per dag drie keer per week voor vir persone wat met vigs gediagnoseer is vir 'n optimaal-werkende immuunstelsel.

■ LAERUGPROBLEME

Laerugpyn is een van die algemeenste klagtes waarmee dokters te doen het (Dishman, 1988). Volgens Batt en Todd (2000) het 40% van alle volwassenes laerugprobleme. Daar word gereken dat 20% - 40% van alle volwassenes in Amerika aan akute of chroniese rugpyn ly (Dishman, 1988; Dishman, 1994). Goldberg en Elliot (1994) meen dat slegs 2% van alle laerugprobleme veroorsaak word deur sistemiese siektetoestande soos osteoporose; die res word deur meganiese probleme veroorsaak. Volgens Clarke en Clarke (1987) en Batt en Todd (2000) word 80% van alle laerugpyn veroorsaak deur swak spierontwikkeling. Daar is vasgestel dat swak abdominale spiere en ontwikkeling en 'n gebrek aan soepelheid in die lae rug en hampees spiere bydra tot laerugpyn (Wanning & Castleman, 1984). Die meeste individue beskik nie oor voldoende spierkrag of soepelheid nie, en dit gee aanleiding tot laerugprobleme (Clarke & Clarke, 1987; Dishman, 1994). Swak spiere neig om die liggaam uit sy korrekte houding te trek, wat weer tot verskeie houdingafwykings soos lordose, skoliose en kifose lei (Goldberg & Elliot, 1994). Spesifieke oefeninge kan hipokinetiese rugprobleme voorkom en selfs korrigeer.

Volgens Wilmore (1986) dra spanning en 'n gebrek aan fisieke aktiwiteit verder by tot laerugpyn. Underwood (2000) meen dat fisieke oefening 'n persoon in staat stel om sy daaglikse pligte beter uit te voer, wat 'n vermindering van beserings, wat laerugprobleme insluit, tot gevolg het.

In Tabel 3 word die fisiologiese voordele van oefening saamgevat.

TABEL 3: Fisiologiese voordele van oefening (Fox et al., 1993).

PRIMÊRE VOORDELE	SEKONDÊRE VOORDELE
Verbetering van kardiiovaskulêre fiksheid	<ul style="list-style-type: none"> ↑ Sterker miokardium ↓ Laer harttempo ↑ Hoër slagvolume ↓ Laer bloeddruk, veral sistoliese bloeddruk ↓ Minder bloedvet, veral laedigheid-lipoproteïene (LDL) ↑ Meer hoëdigtheid-lipoproteïene (HDL) ↑ Verlig arteriosklerose ↑ Beter perifêre sirkulasie ↑ Beter koronêre sirkulasie ↓ Laer risiko vir hartvatsiektes ↑ Groter kans om 'n hartaanval te oorleef ↑ Groter suurstofdra vermoë van die bloed ↑ Groter maksimale aërobiese vermoë (VO_{2maks}) ↑ Groter elektriese stabiliteit van die hartspier
Meer spierkrag en groter spieruithou vermoë	<ul style="list-style-type: none"> ↑ Groter arbeidskapasiteit ↓ Laer risiko vir laerugprobleme ↓ Laer risiko vir spierprobleme ↑ Sterker metaboliese vermoëns ↑ Beter koolhidraatoksidasie ↑ Beter vetoksidasie
Meer soepelheid	<ul style="list-style-type: none"> ↓ Laer risiko vir spierbeserings ↓ Laer risiko vir laerugbeserings ↓ Laer risiko vir gewrigsbeserings ↑ Groter beweeglikheid ↑ Beter prestasie in sport
Ander fisiologiese voordele van oefening	<ul style="list-style-type: none"> ↑ Herstel vinniger na harde werk ↑ Hoër insuliesensitiwiteit

HOOFSTUK III

DIE INVLOED VAN FISIEKE OEFENING OP PSIGOLOGIESE FUNKSIES

He who gains a victory over other men is strong, but he who gains a victory over himself is all powerful (Lao-Tse, 1997:4).

3.1 INLEIDING

Weinig ander beroepe stel soveel uiteenlopende vereistes aan 'n werknemer soos dié van 'n polisiebeampte (Servamus, 1992a; Servamus, 1992b; Servamus, 1993d; Servamus, 1993e; Servamus, 1995a; Servamus, 1996b; Brown, 1999). Die individuele beampte word veral in sy openbare diensverrigting dikwels aan toestande blootgestel wat die res van die gemeenskap eerder wil vermy (Servamus, 1996c). In geen ander beroep is die individu se taak so gereeld aan soveel komplekse verandering onderhewig nie. Weinig ander beroepe word ook deur meer faktore, intern sowel as ekstern, beïnvloed. Namate die bevolking die afgelope paar dekades gegroei het, het die misdadisyfer ook verhoog (Servamus, 1993f). Kultuurskokke het veroorsaak dat daar 'n verbrokkeling van kommunikasie, 'n waninterpretasie van die realiteit en 'n algemene onvermoë om lewenseise sinvol te hanteer, ontstaan het (Servamus, 1996f). Dit is die polisie-beampte se taak om hierdie veranderende gemeenskap suksesvol te beheer en te hanteer.

Die polisiebeampte en sy taak lyk vandag heelwat anders as in die “ou dae”, toe hy hoofsaaklik beskou is as wetstoepasser wat misdade moes ondersoek en misdadigers moes arresteer, en toe sy kenteken, geweer en baie moed al was wat hy nodig gehad het om enige voornemende misdadiger af te skrik (Servamus, 1996a). Vandag se polisiebeampte word, waar hy ook al werksaam is, daagliks gekonfronteer met 'n rol wat in kompleksiteit enig in sy soort is (Servamus, 1992b; Servamus, 1993a; Servamus, 1993b; Servamus, 1996e; Brown, 1999). Aan die een kant word van hom verwag om die versorgende, simpatieke en vriendelike kenmerke van 'n dokter en maatskaplike werker te openbaar wanneer hy hulp verskaf aan 'n bejaarde, skoolverkeer reël, hulp verleen aan beseerdes en mense wat dreig om selfmoord te pleeg, en sake van vermiste persone hanteer. Aan die ander kant word van hom verwag om te alle tye respek af te dwing, onder alle

omstandighede heldhaftig te vertoon, gewelddadige uitbarstings en skares te beheer, nooit bang te wees te midde van duisende aggressiewe mense in onlussituasies nie, en boonop om nooit daaroor te twyfel om sy lewe op die spel te plaas nie (Servamus, 1996d). Voeg hierby die feit dat 'n polisiebeampte dikwels kritieke besluite in 'n breukdeel van 'n sekonde moet neem – besluite in 'n wye spektrum krisissituasies, en die werklike omvang van 'n polisiebeampte se taak begin dan eers duidelik word (Servamus, 1996e; Brown, 1999; Potgieter, 2001).

3.2 DIE POLISIEBEAMPTE AS TEIKEN


Polisiewerk is nog altyd met gevaar geassosieer (Servamus, 1993c, Meier, 1998; Erasmus, 1999; Malherbè, 1999). In die tydvak waarin ons ons tans bevind, kry hierdie stelling heelwat substansie. Daar word op polisiebeamptes geskiet, hulle word aangerand en ernstig beseer of gedood. Voeg daarby die feit dat hulle wonings met petrolbomme bestook en hulle gesinne in gevaar gestel en bedreig word bloot vanweë hulle betrokkenheid by die Polisie diens, en die feit dat polisiebeamptes vandag ope teikens van radikale elemente en rampokkers is, kan beslis nie geïgnoreer word nie (Servamus, 1992b; Servamus, 1993a; Servamus, 1993b).

Police murders in South Africa ... are the second biggest threat to our young democracy after Aids (McKeed, 2002:2).

Die tempo waarteen lede van die SAPD koelbloedig vermoor word, is, om dit eufemisties te stel, skokkend. In 1992 is 262 polisiebeamptes aan diens dood – die hoogste in die SAPD se geskiedenis (Persal, 2002). In 1996 het die Amerikaanse federale polisie diens (FBI) 69 agente verloor, wat die Amerikaanse regering as 'n nasionale ramp beskou het (Jones, 1992).

Clearly, law enforcement officials are having a hard time keeping up with what they have to face out on the increasingly violent streets (Citizens Commission on Human Rights, 1996:1).

Die SAPD se syfers lyk ongelukkig heelwat slegter as dié in Amerika: die SAPD verloor ±140 lede per jaar (Persal, 2002). Die hoeveelheid beamptes wat vanaf 1 Januarie 1996 tot 31 Desember 2000 gesterf het tydens die uitvoering van hulle pligte, word grafies in Figuur 1 voorgestel.



FIGUUR 1: SAPD-lede wat vanaf 1 Januarie 1996 tot 31 Desember 2000 gesterf het tydens die uitvoering van hulle pligte.

3.3 WAT IS STRES?

Stres is 'n psigofisiologiese reaksie wat die liggaam kan uitput tot op die punt waar daar sprake van wanfunksie en siekte is (Johnston, 1995). Stres is dus die versteuring van die homeostase van die liggaam, wat gekenmerk word deur verskynsels soos hartkloppings en voortdurende moegheid, angs, spanning en gejaagdheid (Coetzer & Emsley, 1996). 'n Stressor is dus:

... enige (eksterne of interne) stimulus wat stres veroorsaak of die homeostase van die liggaam versteur (Plug et al., 1986:351).

Elke mens op aarde sal een of ander tyd in sy lewe met stres te doen kry. Stressors kan tot enige van die lewenskomponente behoort: fisiek, emosioneel, spiritueel, intellektueel, ekonomies of

sosiaal (Potgieter, 2001). 'n Lewe sonder stres bestaan glad nie (Brown, 2000; Mental Health Net, 2001). Smith en Lipsedge (1995:196) definieer stres soos volg:

... an excess of environmental demands over the individual's capacity to meet them.

Smith en Lipsedge (1995) is van mening dat veral hoërisiko-werksomstandighede stresvol kan wees.

'n Stressor het twee definitiewe komponente, naamlik:

- (i) 'n stimulus wat in die vorm van 'n gebeurtenis of as deel van 'n gebeurtenis voorkom; en
- (ii) gepaardgaande interne liggaamlike veranderinge wat ongewenste emosionele komponente insluit, byvoorbeeld depressie, angs, skuldgevoelens en vrees (Fullerton & Ursano, 1997).

In die lig hiervan impliseer die term “stres” 'n sekere verhouding tussen 'n organisme en sy omgewing. 'n Individu interpreteer 'n gebeurtenis as potensieel bedreigend as daar moontlik (nie noodwendig nie) skadelike fisiologiese veranderinge as gevolg daarvan kan plaasvind. Sodoende word 'n gebeurtenis 'n stressor (Smith & Lipsedge, 1995). Stres kan ook veroorsaak word deur omstandighede wat vir 'n individu persoonlik is, byvoorbeeld omstandighede waarby sy gesin of vriende betrokke is. Volgens McCarrol et al. (1993) kan geslag en werksondervinding ook 'n individu se stresvlak beïnvloed.

Yet, men and women had similar responses to situations associated with the highest anticipated stress – handling the body of a friend, someone known, or a child (Fullerton & Ursano, 1997:43).

3.4 DIE KLASSIFIKASIE VAN STRESSORS

3.4.1 ALGEMENE STRESSORS

Algemene stressors sluit die volgende in:

- (i) ernstige en skielike gebeure, soos die verlies van 'n geliefde, oorstromings en vuur;
- (ii) 'n spesifieke lewenstadium, soos adolessensie;
- (iii) psigososiale stressors: aanpassing, frustrasie, oorklading en deprivasie;

- (iv) bio-ekologiese stressors: biologiese ritmes, voeding en geraas; en
- (v) persoonlikheid: selfbeeld, konsekwente gedragspatrone en angstigheidsvlakke (Blignaut et al., 1993; Coetzer & Emsley, 1996; Brown, 2001).

3.4.2 POLISIESTRESSORS

Polisiestressors sluit die volgende in:


- (i) konflik tussen die waardes van die individuele polisieman en die SAPD as 'n organisasie;
- (ii) skorsing;
- (iii) verbeuring van bevordering;
- (iv) agtervolging van 'n gewapende verdagte;
- (v) betrokkenheid by 'n saak waarin 'n kind gewelddadig gesterf het;
- (vi) weg van gesin vir 'n lang tydperk;
- (vii) onsekerheid oor die toekoms en onvermoë om vooruit te beplan;
- (viii) frustrasie as gevolg van die howe en die regstelsel;
- (ix) onvoldoende en ondoeltreffende toerusting;
- (x) chroniese blootstelling aan negatiewe mense en omstandighede;
- (xi) onsekerheid as gevolg van 'n tekort aan betekenisvolle loopbaanontwikkeling;
- (xii) die veeleisende aard van onophoudelike verantwoordelikhede teenoor mense en eiendom;
- (xiii) selfmoordpoging(s) tydens dienslewering;
- (xiv) skietvoorval(le) tydens dienslewering;
- (xv) selfmoord van 'n kollega of vriend;
- (xvi) gewelddadige dood van 'n ander polisieman tydens dienslewering;
- (xvii) besering(s) opgedoen tydens dienslewering;
- (xviii) gyselaarsdrama as gevolg van kriminele aksies;
- (xix) gyselaarsdrama as gevolg van interne oproer; en
- (xx) betrokkenheid by 'n toneel waarop 'n kind gesterf het as gevolg van 'n ongeluk of botsing (Blignaut et al., 1993; Brown, 2001).

In 'n artikel wat in die *Pretoria News* (2002) verskyn het, vertel Zelda Venter dat die getuie wat sy van twee polisiebeamptes oor hulle werksomstandighede moes aanhoor, die skrikwekkendste vertelling was waarna sy ooit moes luister.

... *police work has been implicated as one of the most stressful occupations in the world* (Goldberg et al., 1996:40).

In 'n verslag aan die Suid-Afrikaanse Polisiebestuur beskryf Brown (1999) die uitwerking van stres op die gewone polisiebeampte as ondraaglik. Die probleem is dat daar heeltemal te veel misdaad is vir die hoeveelheid SAPD-personeel. Die gemeenskap eis net dat die misdaadsyfer moet daal, ten koste van die personeel se gesondheid. Na jare lange stres gee die polisiebeampte dan eenvoudig in en begin aan uitbrandingsindroom ly (Brown, 1998; Brown, 1999).

Volgens Brown (1998) en Brown (2000) speel die aantal geweldd misdade wat polisiebeamptes moet hanteer ook 'n belangrike rol in uitbrandingsindroom. Figuur 2 is 'n grafiese voorstelling van die tipe en hoeveelheid ernstige misdade waarmee SAPD-beamptes jaarliks gekonfronteer word.



Figuur 2: Geweldd misdade wat vanaf 1 Januarie 1999 tot 31 Desember 2001 aan die SAPD gerapporteer is (Persal, 2002).

3.5 GEVOLGE VAN STRES

Die gevolge van stres is wyd uiteenlopend. Korttermyngevolge op 'n individu se persoonlikheid sluit in 'n verhoging in angs-, depressie-, irritasie- en frustrasievlakke (Smith & Lepdhard, 1995). Dít lei weer tot onproduktiwiteit by die werk, asook werkstres. Die invloed van korttermynstres op 'n individu se gesinslewe sluit in meer twis met die gesin en meer aktiwiteite buite die huwelik. Die langtermyngevolge van stres op 'n individu se persoonlikheid sluit in psigosos, chroniese depressie, alkoholisme, 'n swak selfbeeld en die moontlikheid van selfmoord. Volgens Smith en Lipsedge (1995) kos stres die Amerikaanse industrie jaarliks sowat 1 biljoen dollar en is dit verantwoordelik vir 30% - 40% van alle siekverlof, wat veroorsaak dat nagenoeg 71 miljoen werksdae verlore gaan.

The response to experienced stressors is tension, and how tension is managed will determine the individual's health (Skirka, 2000:64).

Die kort- en langtermyngevolge van stres word in Tabel 4 en 5 saamgevat.

Tabel 4: Die korttermyngevolge van stres (Blignaut et al., 1993; Potgieter, 2001).

KORTTERMYNGEVOLGE VAN STRES			
PERSOONLIKHEID	GESONDHEID	WERKSPRESTASIE	GESINSLEWE
'n Verhoging in:	'n Verhoging in:	'n Toename in:	'n Toename in:
Angsvlakke	Rookaktiwiteite	Werkstres	Twis met die gesin
Depressievlakke	Hartklop	Onproduktiwiteit	Aktiwiteite buite die huwelik
Irritasievlakke	Bloeddruk		
Frustrasievlakke	Cholesterol		
	Slapeloosheid		

Tabel 5: Die langtermyngevolge van stres (Blignaut et al., 1993; Potgieter, 2001).

LANGTERMYNGEVOLGE VAN STRES			
PERSOONLIKHEID	GESONDHEID	WERKSPRESTASIE	GESINSLEWE
Psigoses	Chroniese siektetoestande	Afname in produktiwiteit	Egskeiding
Chroniese depressie	Maagsere	Toename in foute	Sosiale isolasie
Alkoholisme	Hipertensie	Werksontevredenheid	Swak verhoudings
Swak selfbeeld	Koronêre hartsiektes	Ongelukke	
Selfmoord	Diabetes		

3.6 DEPRESSIE

Daar is min mense wat nie kan getuig van 'n gevoel van neerslagtigheid, twyfel en pessimisme wat soms oor hulle toesak, soos byvoorbeeld wanneer daar gedruip word in 'n toets of eksamen waarvoor hard gestudeer is, of wanneer 'n geliefde verloor is nie. Sulke reaksies kan gewoonlik as normaal beskou word (Varma, 1997). Daar is inderwaarheid bevind dat 25% - 30% van alle studente op enige gegewe stadium sulke simptome sal toon (Rosenhan & Seligman, 1984; Louw & Van Jaarsveld, 1989). Niemand is volgens Varma (1997) immuun teen depressie nie.

Volgens Cox et al. (1995) is die voorkomssyfer van depressie in Engeland 12 per 100 000 onder mans en 18 per 100 000 onder vrouens. Bouchard et al. (1990) sê dat depressie as siektetoestand Amerika jaarliks sowat 16 biljoen dollar kos, waarvan sowat 3 biljoen dollar vir medisyne en psigoterapie (Bouchard et al., 1990) gebruik word. Die orige sowat 13 biljoen dollar is wat verlore gaan aan produktiwiteit as gevolg van siekverlof. Fielding (1991) gaan selfs sover om te sê dat depressie die algemeenste psigologiese siektetoestand in Amerika is.

Sowat 30% van alle doktersafsprake is vir depressie (Fielding, 1991; Cox et al., 1995). Volgens Lewis en Araya (2001) sal depressie die wêreld se regerings teen 2020 die meeste, naas hartverwante siektetoestande, kos aan medisyne en verlore werksdae.

Mental health costs, particularly for inpatient services, have been reported to be the fastest growing category of expense under many corporate health benefit plans (Fielding, 1991:314).

Die vraag wat nou gevra word, is: **Wat is “normale” depressie en wat is “abnormale” (kliniese of patologiese) depressie?**

Dit is baie moeilik om tussen normale en abnormale gedrag te onderskei (Papalia & Olds, 1985; Harrington, 2001).

To define mental health is extremely challenging (Brown, 1990:608).

Hoewel albei soorte depressies soortgelyke simptome het, kan kliniese depressie tog onderskei word deurdat dit 'n groter variasie simptome vertoon, die simptome meer ernstig is en die toestand langer duur (Louw & Van Jaarsveld, 1989).

Daar is min psigopatologiese sindrome waarvan daar sedert die vroegste tye soveel bewyse bestaan as juis depressie. Die benaming “siekte van ons tyd” blyk eintlik onvanpas te wees wanneer 'n mens in aanmerking neem dat bekende figure in die Bybel, soos koning Saul, Job, Moses en koning Dawid, asook bekende historiese figure, soos koning Louis XI, president Abraham Lincoln, die skrywer Mark Twain en sir Winston Churchill onder depressie gebuk gegaan het (Louw & Van Jaarsveld, 1989). Depressie is die vinnigs groeiende siektetoestand ter wêreld (Fielding, 1991; Harrington, 2001).

3.6.1 KLINIESE BEELD VAN DEPRESSIE

Soos die naam aandui, is die vernaamste kenmerk van depressie 'n gevoel van intense neerslagtigheid. Hierdie depressiewe gevoel kan wissel van relatief ligte aanvalle tot 'n gevoel van totale hulpeloosheid (Louw & Van Jaarsveld, 1989; Lewis & Araya, 2001). Depressiewe individue huil maklik, en veral meer depressiewe persone ly aan die sogenaamde hulpeloosheidsindroom – 'n gevoel van “alles is verlore en niemand kan meer help nie”(Bootzin & Acocella, 1984). Die depressiewe gevoel klaar ook nie op soos in die geval van normale bedruktheid, byvoorbeeld in

aangename geselskap of by die aanhoor van goeie nuus nie. Sommige depressiewe persone slaag egter soms daarin om hulle gemoedstemming vir ander te verberg (Harrington, 2001). Dit is egter gewoonlik van korte duur.

Die oorsprong van depressie kan in die volgende lê: psigiese faktore, biochemiese faktore, oorerflike faktore en geloofsoortuigings.

Clinical depression is a prevalent problem in today's society (Craft & Landers, 1998:339)

Kliniese depressie affekteer tussen 2% en 5% van die Amerikaanse bevolking (Craft & Landers, 1998). Volgens Harrington (2001) sal die meeste depressiepatiënte ná twee jaar se behandeling genees wees van depressie. Coetzer en Emsley (1996) is van mening dat depressie wat langer as twee jaar duur, as chronies gediagnoseer moet word.

Naas 'n depressiewe gevoel blyk die volgende simptome gereeld by depressiepatiënte voor te kom (O'Brien Murray, 1988; Harrington, 2001):

3.6.1.1 EET- EN GEWIGVERSTEURINGS

Die meeste depressiewe persone het 'n swak eetlus en verloor gewig. Sodanige gewigverlies is dikwels groter as wat bloot aan 'n swak eetlus toegeskryf kan word. Sommige depressiewe persone het egter die teenoorgestelde reaksie en eet weer meer, sodat hulle gewig optel (O'Brien Murray, 1988; Harrington, 2001).

3.6.1.2 SLAAPVERSTEURINGS

Versteurings van die slaappatroon is 'n algemene klagte by depressiewe mense. Dit gebeur veral dat hulle gewoonlik twee tot drie uur voor die normale tyd in die voordag wakker word en dit dan onmoontlik vind om weer aan die slaap te raak. Hulle voel ook gedurig moeg, is dikwels rusteloos en sien op teen die dag wat voorlê. Baie depressiewe persone vind dit ook moeilik om aan die slaap te raak en lê dikwels heelnag en rondrol (O'Brien Murray, 1988; Harrington, 2001).

3.6.1.3 PSIGOMOTORIESE VERSTEURINGS

Daar is twee vorms van psigomotoriese versteuring, naamlik psigomotoriese vertraging en psigomotoriese agitatie. In eersgenoemde geval is 'n persoon die toonbeeld van uiterste moegheid. Hy loop en reageer oor die algemeen stadig. Die vertraging in sy denkprosesse word gereflekteer in sy spraak: dit neem hom dikwels lank om op 'n vraag te antwoord en hy praat stadig, asof dit moeite is. In die geval van psigomotoriese agitatie is die persoon rusteloos en nie in staat om te ontspan nie. Hy vind dit byvoorbeeld moeilik om stil te sit, wring sy hande in mekaar en kla gedurig dat alles nie wel is nie (O'Brien Murray, 1988; Harrington, 2001).

3.6.1.4 VERLIES AAN BELANGSTELLING EN/OF GENOT

'n Depressiewe persoon stel glad nie meer belang in aktiwiteite wat hy voorheen geniet het of wat sy belangstelling geprikkel het nie. Hy stel byvoorbeeld nie meer belang in sy stokperdjies nie en geniet nie meer sosiale verkeer met sy gesin/vriende nie. Sy geslagsdrang neem ook dramaties af (O'Brien Murray, 1988; Harrington, 2001).

3.6.1.5 VERLIES AAN ENERGIE

Die genoemde verlies aan belangstelling en/of genot gaan hand aan hand met 'n skerp daling in energievlakke. Dit voel vir die persoon of die kleinste takie 'n hindernis is wat nie oorkom kan word nie. Depressie kan veroorsaak dat persone meer siekverlof neem as wat nodig is (O'Brien Murray, 1988; Harrington, 2001).

... people with depression had a 4.8 times higher risk than people without symptoms of having had sickness leave
(Lewis & Araya, 2001:7).

3.6.1.6 LAE EIEWAARDE EN SKULDGEVOELENS

Lae eiewaarde wissel van gevoelens van ontoereikendheid tot heeltemal onrealisties negatiewe selfevaluering. Die individu verwyt homself oor die spreekwoordelike molshope wat hy in berge

verander en soek dan na bewyse om sy negatiewe selfevaluering te bevestig. Hierdie sogenaamde “bewyse” lei dan tot skuldgevoelens oor sy vermeende rol in een of ander teëspoed of tragedie, wat sy eiewaarde verder verlaag (O’Brien Murray, 1988; Harrington, 2001).

3.6.1.7 SUKKELE OM TE DINK EN TE KONSENTEER

Net soos in die geval van liggaamlike prosesse, neem die psigiese prosesse van die depressiewe individu ook af. Sulke persone kla dan ook dikwels dat hulle dit moeilik vind om helder te dink en te konsentreer (O’Brien Murray, 1988; Harrington, 2001).

3.6.1.8 HERHAALDE GEDAGTES RONDOM DIE DOOD OF SELFMOORD

Gesien in die lig van die voorafgaande kliniese beeld van depressie, is dit verstaanbaar dat talle depressiewe persone se gedagtes met die dood en selfmoord gevul is. So ’n individu sal byvoorbeeld sê dat hy en selfs ander beter daaraan toe sal wees as hy dood is, of hy sal die begeerte om te sterf uitspreek. Heelwat depressiewe persone probeer dan ook selfmoord pleeg. Volgens Gelman et al. (1987) speel depressie ’n rol in ongeveer 60% van alle selfmoordgevalle.

Benewens die bogenoemde hoofkenmerke van depressie is daar nog enkele wat vermelding verdien: gevoelens van angs, geïrriteerdheid, vrees, paniekaanvalle, fobies en fisiese simptome soos hardlywigheid en liggaamspyne (Gelder et al., 1983; Sue et al., 1986).

3.7 POST-TRAUMATIESE STRESVERSTEURING

3.7.1 INLEIDING

Post-traumatiese stresversteuring, ook genoem post-traumatiese stressindroom, is deur die jare onder andere ook die volgende genoem:

kompensasie-neurose, traumatiese neurose, psigogene reaksies, ongeluksneurose, traumafobie, oorlogsneurose, gevegsuitputting en bomskok (Chodoff, 1963; Trimble, 1981; Beyers, 1985; Davidson & Foa, 1993; Smith & North,

1993; Fullerton & Ursano, 1997).

Post-traumatische stresversteuring is 'n angstersteuring wat volg op 'n traumatiese ervaring soos verkragting, oorlogvoering of marteling (Plug et al., 1986; Brown, 1999). Post-traumatische stresversteuring is 'n siektetoestand wat baie wyd nagevors is. Dié navorsing het in alle erns begin toe Viëtnam-veterane teruggekeer het huis toe en as gevolg van natuurlike en onnatuurlike ongelukke, asook kriminele geweld gesterf het (Kilpatrick & Resnick, 1993; Smith & North, 1993).

3.7.2 TRAUMA

Navorsing het getoon dat 'n traumatiese gebeurtenis post-traumatische stresversteuring in een persoon veroorsaak, maar nie noodwendig in 'n ander nie (Coetzer & Emsley, 1996; Potgieter, 2001).

Over time, most people exposed to trauma will do well; some, however, do not (Fullerton & Ursano, 1997:3).

3.7.2.1 PRIMÊRE TRAUMA

Die volgende word as primêre traumas beskou:

- (i) hantering van dood en destruksie; en
- (ii) verlies van 'n betekenisvolle persoon (Raphael & Wilson, 1993).

3.7.2.2 SEKONDÊRE TRAUMA

Die volgende word as sekondêre traumas beskou:

- (i) ontwrigting soos wanneer verhuis of 'n gemeenskap verlaat word;
- (ii) morele konflik en die individu se rol in die traumatiese voorval;
- (iii) blootstelling aan subtiele bedreiging soos in die geval van toksiese blootstelling;
- (iv) blootstelling aan opsetlike gevaar soos dreiging;
- (v) wanneer die individu self 'n rol speel in die dood, bedreiging of besering van ander;
- (vi) verlies van sin vir persoonlike weerbaarheid; en
- (vii) die invloed van die oorsaak van die trauma, byvoorbeeld dat dit 'n boodskap van 'n god was (Raphael & Wilson, 1993).

Trauma and disasters throw lives into chaos and fill people with terror of the unexpected and fear of loss, injury and death (Fullerton & Ursano, 1997:3).

3.7.3 POST-TRAUMATIESE AANPASSING

3.7.3.1 HOOFEIENSKAPPE VAN POST-TRAUMATIESE STRESVERSTEURING

Volgens Kaplan en Sadock (1985) is die drie hoofeienskappe van post-traumatische stres-versteuring:

- (i) die herbelewing van die trauma in drome en gedagtes;
- (ii) emosionele afstomping ten opsigte van verhoudings en ander lewenservarings; en
- (iii) simptome van outonadiese onstabieleit, depressie en kognitiewe probleme soos swak konsentrasie.

'n Individu kan op sy eie trauma beleef, soos in die geval van verkragting en aanranding, of in die teenwoordigheid van 'n groep, soos tydens oorlogvoering. Die stressors wat hierdie versteuring tot gevolg het, sluit in natuurlike rampe soos vloede en aardbewings; rampe wat aan 'n ongeluk toegeskryf kan word, soos motorongelukke met ernstige fisieke beserings; vliegtuigongelukke en groot vure, of rampe wat doelbewus veroorsaak is, soos bombardering en marteling. Sommige stressors, soos marteling, lei dikwels tot dié versteuring, terwyl ander, soos natuurlike rampe en motorongelukke, slegs soms die versteuring veroorsaak. Soms is daar gepaardgaande fisieke komponente van die trauma wat slegs direkte skade aan die sentrale senuweestelsel kan veroorsaak, soos in die geval van wanvoeding en hoofbeserings (Wolff, 2001).

Volgens Blignaut et al. (1993) is die weselike kenmerk van hierdie versteuring die ontwikkeling van kenmerkende simptome wat volg op 'n traumatiese gebeurtenis wat buite gewone menslike ervaring, soos rou, chroniese siekte, finansiële verliese en huwelikskonflik, val (Potgieter, 2001). Die trauma(s) wat tot post-traumatische stresversteuring lei, bevat 'n ernstige bedreiging vir die persoon se lewe of fisieke welstand, of die persoon se kinders, gade of ander nabyfamilielide of vriende. Dit kan ook die skielike verwoesting van 'n persoon se huis of gemeenskap wees, of die

aanskouing van die dood of ernstige besering van 'n ander persoon as gevolg van 'n ongeluk of fisieke geweld (Wolff, 2001). Die stressors wat aanleiding gee tot hierdie sindroom, is vir feitlik enige persoon ontstellend en veroorsaak gewoonlik intense vrees, verskrikking en hulpeloosheid (Malherbe, 1999; Grovè, 2000).

Kenmerkende simptome van post-traumatische stresversteuring sluit in die herlewing van die traumatiese gebeurtenis, vermyding van stimuli wat met die gebeurtenis geassosieer word, en afstomping van algemene responsiwiteit (Shevel, 2001). Die diagnose word nie gemaak indien die versteuring minder as 'n maand duur nie (Möller, 2000). In sekere gevalle kan die trauma sentreer rondom 'n ernstige dreigement of leed rakende 'n familielid of goeie vriend, byvoorbeeld dat die persoon se kind ontvoer, gemartel of vermoor is. Die versteuring skyn meer ernstig te wees en langer te duur wanneer die stressor van menslike oorsprong is (Möller, 2000).

Die traumatiese gebeurtenis kan op verskillende wyses herleef word (Benadè, 2001). Dit gebeur egter algemeen dat die persoon herhaalde en intense herinneringe van die gebeurtenis het of herhaalde ontstellende drome het wat om die gebeurtenis sentreer (Grovè, 2001). In uitsonderlike gevalle kan disosiatiewe toestande voorkom, wat van 'n paar sekondes tot 'n paar uur en selfs dae kan duur. Hierdie toestande word daardeur gekenmerk dat die persoon die gebeure herleef en optree asof hy die gebeurtenis op daardie oomblik ondervind (Shevel, 2001). Intense ontsteltenis kom ook dikwels voor wanneer die persoon blootgestel word aan gebeure soortgelyk aan die traumatiese gebeurtenis of wat dit simboliseer.

Saam met die herbelewing van die trauma is daar, soos genoem, 'n volgehoue vermyding van stimuli wat met die trauma geassosieer word, of 'n afstomping van algemene responsiwiteit wat nie voor die trauma teenwoordig was nie (Brown, 1998). Die persoon gaan gewoonlik uit sy pad om gedagtes of gevoelens rondom die traumatiese gebeurtenis te vermy (Eppel, 2000; Du Plessis, 2001). Hierdie vermydingsgedrag kan selfs psigogene amnesie ten opsigte van 'n belangrike aspek van die traumatiese gebeurtenis insluit.

Die genoemde afname in responsiwiteit, wat soms psigiese afstomping of emosionele anestesie genoem word, begin gewoonlik kort na die traumatiese gebeurtenis (Schüler, 2001). Die persoon kla byvoorbeeld dat hy nie meer hegte bande met mense het nie, dat hy nie meer belangstel in

aktiwiteite wat hy voorheen geniet het nie, of dat sy gevoelens, veral dié rakende intimiteit, teerheid en seksualiteit, verflou het (Benadè, 2001). Ander kenmerkende simptome is slaapprobleme, 'n oordrewe skrikrespons, konsentrasieprobleme en 'n toename in aggressie (Brown, 1998).

Opeenvolgende blootstelling aan traumatiese rampe en/of dood kan veroorsaak dat so 'n persoon die risiko loop om post-traumatiese stres te ontwikkel (Jones, 1985; Paton, 1994). Coetzer en Emsley (1996) is van mening dat tot 50% van alle post-traumatiese stresversteuring-gevalle binne die eerste drie maande geheel en al herstel, maar dat 10% van alle gevalle vererger.

... encounters with death may evoke complex feelings and reactions. (Fullerton & Ursano, 1997:46).

Faktore wat ook 'n rol kan speel in die ontwikkeling van post-traumatiese stresversteuring sluit in: biologiese faktore soos erge klimaattoestande, wanvoeding en siektes wat 'n persoon se weerstand teen stres kan verlaag. Sosiale faktore soos vreemdheid en onvoorspelbaarheid speel ook 'n belangrike rol. Hoe intenser die vrees en angst is waaraan 'n persoon blootgestel is, hoe ernstiger sal die post-traumatiese stresversteuring wees.

Persoonlikheidseienskappe beïnvloed 'n persoon se weerstand teen stres. Potgieter (2001) noem dat 'n onvolwasse persoonlikheid, wat dikwels die resultaat is van ouerlike oorbeskerming, 'n soldaat vatbaarder maak vir oorlogstres. Sosiokulturele faktore het hoofsaaklik te doen met die oorlogssituasie of 'n situasie waarin 'n groep vir 'n tyd lank aan traumatiese en stresvolle omstandighede blootgestel is. Die onderlinge groepsverhoudinge tussen persone wat saam in 'n stresvolle situasie was, is dus hier ter sprake. Potgieter (2001) noem dat kohesie en samewerking onder die groeplede veroorsaak dat die lede die stressor makliker kan verwerk.

Simptome van post-traumatiese stresversteuring begin in die eerste drie maande na die trauma. Dit kan egter gebeur dat maande en self jare verbygaan voordat simptome te voorskyn kom. Substansmisbruik kan ook met post-traumatiese stresversteuring verband hou. Dit word geïnterpreteer as 'n langtermynpoging om die emosies wat met gedagtes en nagmerries saamgaan, af te stomp. In sulke gevalle word substansmisbruik 'n sekondêre reaksie op primêre post-traumatiese stresversteuringsimptome (American Psychiatric Association, 1994).

A complex interaction of environment, biology and mind determines which individuals develop post-traumatic psychiatric disease (Fullerton & Ursano, 1997:3).

3.7.4 FASES VAN POST-TRAUMATIESE STRESVERSTEURING EN DIE GEPAARDGAANDE SIMPTOME

Die drie fases van post-traumatiese stresversteuring en die gepaardgaande simptome is:

3.7.4.1 FASE EEN: REAKSIE OP TRAUMA

Simptome wat tydens dié fase voorkom, is: hulpeloosheid, vinniger harttempo, hiperventilasie, naarheid, bewerigheid, sweet, duiseligheid, lighoofdigheid, warm gloede, diarree, sensuue-agtigheid, onvermoë om resente gebeure te onthou, hoofpyn, pyn, rusteloosheid, slaapprobleme, hipersensitiwiteit, nagmerries, irritasie, swak konsentrasie en singende geluide in die ore (American Psychiatric Association, 1994).

3.7.4.2 FASE TWEE: AKUTE FASE

Post-traumatiese stresversteuring word aangedui deur 'n onvermoë om die trauma na 'n maand te hanteer. Simptome wat tydens die akute fase voorkom, is: fobiese ans, fisieke ongemak, huweliksprobleme, gedagtes rondom die dood of beserings, belangeloosheid, moegheid of swaakheid, fobiese vermyding, geen belangstelling in seks, 'n onvermoë om gevoelens te toon, skuldgevoelens en skielike paniekgevoelens (American Psychiatric Association, 1994).

3.7.4.3 FASE DRIE: CHRONIESE FASE

Voortdurende bemoeienis met die traumatiese gebeurtenis lei tot die geloof dat die betrokke persoon permanent deur die gebeure geaffekteer is. Die simptome hiervan is: verlies van eetlus, isolasie, energieloosheid, selfmoordgedagtes, pessimisme en depressie. Brown (1998), Potgieter (2001) en Shevel (2001) noem dat ander psigiatriese verstourings soos aanpassingsversteurings en alkoholisme ook op post-traumatiese stresversteuring kan volg.

3.7.5 POST-TRAUMATIESE STRESVERSTEURING EN DIE WERKSOMGEWING

Die polisie, brandweer en mediese noodeenhede is volgens Benadè (2000) en Potgieter (2001) risikogroepe vir die ontwikkeling van dié angsreaksie. Dit kan egter wees dat sekere individue aangetrek word deur hoërisiko-beroepes wat aksiegeoriënteerd is (Shevel, 2001), en dit is waar die diagnose van post-traumatische stresversteuring problematies word. Post-traumatische simptome soos woede, hartseer, vrees en skuld kan die resultaat wees van pre-traumatische ervarings, die trauma self, asook post-traumatische ervarings. Individue se persoonlikheidseienskappe, en so ook die aard van hulle werk, kan daartoe aanleiding gee dat hulle sosiaal saamgebind word. Die kohesie beteken dat individue hulle emosionele ondersteuning van die groep kry (Wolff, 2001). Die groep word saamgebind deur familiariteit en kameraadskap. Die houding van “ons/hulle” kan hieruit voortspruit teenoor persone wat nie in dieselfde beroepslyn staan nie.

3.7.5.1 OORLOGSTRES

Hoewel oorlogstres vanaf die vroegste oorlogstye moes voorgekom het, was dit eers tydens die Amerikaanse Burgeroorlog (1861- 1865) dat die psigiese disintegrasie weens die stres van oorlog as ’n kliniese entiteit erken is (Davison & Neale, 1986). Tydens hierdie oorlog is dit egter toegeskryf aan “nostalgie”, wat gedui het op ’n ernstige depressie as gevolg daarvan dat die persoon lank van die huis af weg was. Die sindroom het in die volgende paar dekades egter weinig aandag geniet. Daar kan byvoorbeeld nêrens in die literatuur enige kliniese gegewens opgespoor word oor oorlogstres tydens die Boereoorlog nie, ongeag die feit dat minstens 22 000 Britte, 25 000 Boere en 12 000 swart en bruin mense tydens hierdie oorlog gesterf het. Tydens die Eerste Wêreldoorlog is die term “bomskok” geskep na aanleiding van die persepsie dat die sindroom veroorsaak word deur die effek wat die aanhoudende of skielike ontploffings van bomme op die brein het (Carson et al., 1988). Later is besef dat slegs ’n klein persentasie van hierdie gevalle aan fisieke breinbeserings weens bomontploffings toegeskryf kan word.

Die meeste van hierdie mense se simptome kon toegeskryf word aan die algemene oorlogsituasie met sy fisieke uitputting, die altyd teenwoordige moontlikheid van die dood of verminking, en intense psigiese skok. Gedurende die Tweede Wêreldoorlog is verskeie terme, soos “operasionele uitputting” en “oorlogneurose” gebruik, voordat daar tydens die Koreaanse en Viëtnamese oorlog op “gevegsuitputting” besluit is. Laasgenoemde term is nog steeds in gebruik (Louw & Van

Jaarsveld, 1989).

Dit is uiteraard geen maklike taak om die omvang van gevegsuitputting vas te stel nie. Nie alleen het die kriteria vir post-traumatische stresversteuring en daarom ook gevegsuitputting oor die jare verander nie, maar dit het dikwels ook van land tot land verskil. Daarby moet in aanmerking geneem word dat nie alle gevalle van gevegsuitputting altyd aangeteken is nie, omrede 'n soldaat byvoorbeeld bang was dat 'n stigma aan hom sou kleef indien hy dit sou aanmeld. Die skatting dat ongeveer 10% van die soldate tydens die Tweede Wêreldoorlog aan gevegsuitputting gely het, blyk blote spekulasie te wees, aangesien meer wetenskaplike ondersoeke tydens latere oorloë op hoër persentasies gedui het. Só dui navorsing van Frye en Stockton(1978), Walker en Cavenar (1982) en Bootzin en Acocella (1984) daarop dat minstens 20%, waarskynlik eerder tussen 40% en 50% van alle Viëtnam-veterane en selfs offisiere aan simptome van post-traumatische stresversteuring gely het. Ander ondersoekers soos Price en Lynn (1986) het weer bevind dat simptome soos gereelde nagmerries onder 68% van die veterane voorgekom het.

Wat die Suid-Afrikaanse situasie betref, wil dit voorkom asof post-traumatische stresversteuring minstens dieselfde omvang het as wat in Amerika gerapporteer word. Potgieter (1986) sê dat 26% van die pasiënte wat hy as weermagpsigiater ondersoek het, aan post-traumatische stresversteuring gely het. Feinstein (1986), 'n Suid-Afrikaanse psigiater wat die sonderlinge ondervinding gehad het om op die grens saam met makkers in 'n lokval te beland, het die volgende opgeteken:

“Nie minder nie as 93% het 'n intensivering van simptome geopenbaar by die blootstelling aan gebeure soortgelyk aan die traumatiese voorval, 93% was hiperwakker of het oordrewe skrikrespons geopenbaar, 86% het herhaalde en intense herinneringe van die gebeurtenis gehad, en 72% het aktiwiteite vermy wat tot die herinnering aan die traumatiese gebeurtenis sou lei. Baie van die soldate het ook geweier om dieselfde klere wat hulle tydens die lokval gedra het, weer te dra. Daarby het 67% van die persone wat in die lokval betrokke was, veranderinge ten opsigte van seks geopenbaar (met 'n afname in die geslagsdrang as die opmerklikste), 57% het slaapversteurings gehad, 57% het geheue- en konsentrasieprobleme ondervind, 50% het herhaalde drome van die gebeurtenis gehad, 50% het 'n merkbare afname in belangstelling ten opsigte van 'n betekenisvolle aktiwiteit getoon, 43% het eetversteurings geopenbaar, 43% het skuldgevoelens gehad omdat hulle oorleef het of omdat hulle op 'n bepaalde wyse opgetree het tydens die lokval,

35% het 'n vernoude gemoedslewe geopenbaar, en 21% het gevoelens van afsydigheid of vervreemding getoon.”

Op sy beurt beskou Potgieter (1986) woede en skaamte, skuldgevoelens en berou as die uitstaande kenmerke van die Suid-Afrikaanse soldaat met post-traumatiese stresversteuring. Volgens Potgieter (1986) is daar 'n waaksaamheid wat nooit kan verslap nie (veral nie ten opsigte van ander mense), 'n vasberadenheid om gewelddadig te reageer op enige blyke van vyandigheid, 'n verwagting dat enige argument 'n voorloper tot 'n driftige geveg is, en 'n oortuiging dat dit in die aanskyn van potensieële aggressie en teenstand die beste is om eerste aan te val, en wel op die sterkste moontlike manier. Indien so 'n persoon met openlike aggressie gekonfronteer word, is die oorgang tot teenaanval so vinnig dat daar dikwels geen bewustheid is van die emosie wat onderliggend is aan die respons nie. Selfs minimale provokasie deur persone in die nabyheid kan tot uitbarstings van gewelddadige aggressie lei, met dikwels gedeeltelike amnesie ten opsigte van die aanval en berou ná die destruktiewe optrede. Omdat die meeste van dié persone egter bewus is van hulle aggressiewe gebrek aan beheer, onttrek hulle al meer.

Volgens Shevel (2001) is rou oor verlies waarskynlik die algemeenste emosie wat met die post-traumatiese stresversteurings van die Suid-Afrikaanse soldaat geassosieer word. Hierdie verlies is egter veel groter as wat op die oog af mag blyk.

In die geheel gesien wil dit dus voorkom asof die post-traumatiese stresversteuring onder Suid-Afrikaanse soldate soortgelyk is aan dié wat by Amerikaanse soldate in die Viëtnam-oorlog gerapporteer is (Potgieter, 2001).

3.7.5.2 POST-TRAUMATIESE STRESVERSTEURING IN DIE SAPD

The patrol officer is constantly exposed to aggression, violence, and cruelty, and must frequently intervene in high-pressure, human crisis situations (Goldberg et al., 1996:40).

Daar is 'n onrusbarende toename in geweld in ons land, met die SAPD in die spervuur. Die Servamus (1996e) verwys na die noodsaaklikheid van 'n ontloftingsprogram. SAPD-lede se take, naamlik die beskerming van mense se lewens, vredebewaring en die voorkoming van beskadiging van eiendom, word bemoeilik as hulle nie geestelik en fisiek gesond is nie.

Traumatiese gebeure laat 'n mens dikwels magteloos en hulpeloos voel en maak jou opnuut bewus van die feit dat jy nie totale beheer oor jou lewe het nie (Servamus, 2001a; Servamus, 2001b). Sommige persone beskou hulle simptome as tekens van swakheid of abnormaliteit en verwag dat kollegas, familielede en ander nie begrip vir hulle emosies sal hê nie (Brown, 1999). Dit kan tot gevoelens van alleenheid en isolasie lei.

... they keep their feelings to themselves because they don't want to take the time and energy to explain details to their colleagues... (Brown, 1999:3).

'n Getraumatiseerde persoon voel dikwels dat hy binne enkele ure in 'n vreemdeling verander het. Eppel (2000) is van mening dat 30% van alle polisiebeamptes een of ander tyd in hulle lewens met 'n gebeurtenis te doen kry wat 'n post-traumatiese respons kan veroorsaak. Die gevoel van weerloosheid en magteloosheid kan 'n negatiewe invloed op die persoon se selfbeeld hê. Baie voel dat hulle niemand meer kan vertrou nie en hou dan gesinslede en vriende op 'n afstand. Dit is dan wanneer alkoholisme en die oormatige gebruik van kalmeermiddels en selfs medikasie dikwels voorkom (Potgieter, 2001; Grové, 2001).

Ten spyte van die hoë stresvlakke van SAPD-beamptes die afgelope paar jaar word daar min aandag gegee aan post-traumatiese stres in die hedendaagse SAPD-konteks (Grobler, 2002:Onderhoud). Dit wil voorkom of SAPD-beamptes min opleiding ontvang oor moontlike emosionele probleme en stressors wat kan voorkom (Potgieter, 2001; Shevel, 2001). Soortgelyke probleme word ook in die Amerikaanse polisdienste ervaar (Brown, 1999). 'n Psigiatriese verslag wat die trauma van 'n polisiebeampte belig, is in Bylaag E vervat.

Disasters and trauma affect psychological and physical health and are extremely costly, as well as traumatic. Hundreds of thousands of people – victims, their relatives, their friends, disaster workers, and witnesses – are affected every year (Fullerton & Ursano, 1997:8).

3.8 DIE UITWERKING VAN OEFENING OP DIE GEMOEDSTOESTAND

Die psigologiese voordele van oefening op die mens en sy gemoedstoestand is al deur vele navorsers ondersoek (Higdon, 1978; Lion, 1978; Blue, 1979; Greist et al., 1979; Wilson et al., 1980). Cureton (1963) was van die eerste navorsers wat begin het om die uitwerking van oefening op die mens se gemoedstoestand in diepte na te vors. Die uitwerking van oefening op depressie is ook intensief ondersoek deur verskeie navorsers (Bäckmand et al., 2001). Franz en Hamilton (1905) het die verwantskap tussen oefening en depressie nagevors deur oefenterapie op hulle pasiënte toe te pas. In die laattwintigerjare het Vaux (1926) oefening eerder as tradisionele behandelings vir die behandeling van depressie voorgeskryf. Tradisionele behandelings, soos psigoterapie en medisyne, is duur en tydsaam, en meestal ondoeltreffend (Byrne & Byrne, 1993; Craft & Landers, 1998).

Die meeste navorsers het tot die slotsom gekom dat baie van die medisinale behandelings vir depressie negatiewe uitwerkings het, soos chroniese moegheid, kardiovaskulêre komplikasies, asook verslawing (Martinsen, 1990). Martinsen (1990) het voorgestel dat oefening die tradisionele manier van depressiebehandeling moet aanvul.

Exercise has been proposed as an adjunct to more traditional approaches for treating depression (Craft & Landers, 1998:340).

Die International Society of Sport Psychology (1992) is van mening dat oefening persone se angsvlakke laat daal en hulle help om meer selfvertroue te hê in daaglikse lewensituasies. Tot soveel as 25% van die totale Amerikaanse bevolking kan aan depressie, ang en ander vorms van psigiese probleme ly (International Society of Sport Psychology, 1992). Schwenk (2000) meen oefening sal definitief 'n verlaging van depressievlakke teweegbring, alhoewel hy ook sê dat 'n persoon wat aktief aan sport deelneem, nie immuun is teen depressie nie. Soortgelyke studies het getoon dat die grootste verbetering plaasgevind het by persone wat baie onfiks en glad nie aktief was nie (Kennedy & Newton, 1997). Brown (1990: 617) sê die volgende oor oefening en die uitwerking daarvan op depressie:

... exercise is just as effective as are time-limited and time-unlimited psychotherapy, meditation-relaxation, and group psychotherapy in treating some forms of depression.

Wilson et al. (1980) het drie groepe volwassenes geëvalueer om te kyk of oefening stresvlakke verlaag. Groep 1 het bestaan uit 10 marathonatlete, Groep 2 uit 10 aktiewe individue, en Groep 3 uit 10 onaktiewe individue. Die resultate het gewys dat die marathonatlete heelwat minder depressief, asook minder aggressief was as die ander twee groepe. Dit was ook ooglopend dat die marathonatlete se gemoedstoestand oor die algemeen beter was as die ander twee groepe s'n. Die gevolgtrekking van die studie was dat verbetering op psigologiese vlak afhanklik is van twee aspekte, naamlik die intensiteit en frekwensie van oefening (Wilson et al., 1980).

Data van die Cooper-instituut vir aërobiese oefeninge in Amerika het in verskeie gevalle getoon dat oefening emosionele stres heelwat verminder (Cooper, 1968). Karbe (1966) het bevind dat die 92 vroulike studente wat hulleself aan 'n 16-week-swemprogram onderwerp het, se angsvlakke verlaag het. Popejoy (1967) het ook die uitwerking van oefening op angsvlakke nagevors en ook bewys dat dit angsvlakke verlaag. Young en Ismail (1974) het die uitwerking van 'n 4-maande-oefenprogram op persoonlike karaktertrekke nagevors. Die resultate was dat, ongeag ouderdom, die fikser persone meer selfvertroue gehad het, emosioneel stabiel was en oor die algemeen "ontspanne persone" was.

